

DIE VERBOND VAN GOD

'n Kritiese gesprek rondom die Skrif oor die verhouding van
die verbond en die doop

Geskryf deur

CHRISTO NEL

Posbus 3114

Somerset-Wes, 7129

Tel: 021-8510003

Sel: 0827702397

E-pos: nchristo@lantic.net

Webblad: www.nuwewyn.co.za

INHOUDSOPGAWE

DIE VERBOND – DEEL 1	4
Die stappe van verbondsluiting in die Ou Testament	4
DIE VERBOND – DEEL 2	8
DIE VERBOND – DEEL 3	10
ONS IS BLOEDBROERS - DEEL 1	14
ONS IS BLOEDBROERS - DEEL 2	18
ONS IS BLOEDBROERS - DEEL 3	20
EK HET 'N DROOM!	23
ONS IS BLOEDBROERS - DEEL 4	26
ONS IS BLOEDBROERS - DEEL 5	30
Ons identiteit	30
Here, hoe pas ek in by u planne?	30
ONS IS BLOEDBROERS - DEEL 6	35
Jesus – Vervulling van al die Joodse feeste	35
ONS IS BLOEDBROERS - DEEL 7	38
Niks kan ons God keer nie!	38
<i>Glo dat niks God kan keer nie!</i>	39
<i>As jy God begin gehoorsaam, kan niks Hom stuit nie!</i>	40
<i>As ons begin bid, kan niks God keer nie!</i>	40

DIE VERBOND – DEEL 1

In die Gereformeerde deel van die Liggaam van Jesus Christus 'n word daar geweldig baie klem gelê op die feit dat die God van die Bybel Homself in die Woord aan ons openbaar as 'n Verbondsgod wat in 'n verbondsverhouding met gelowiges staan. En hiermee het die meeste gelowiges in die Liggaam van Christus - wat werklik erns met die Skrif maak - min probleme.

Die hele saak van verbond het egter binne die Liggaam 'n groot turksvy geword, juis omdat 'n groot deel van die Gereformeerde wêreld vanuit 'n bepaalde siening oor die verbond en implikasies van hierdie verbond, die doop aan babas uit gelowige gesinne Skriftuurlik probeer fundeer het.

Daarom moes ek myself as Gereformeerde denker en teoloog net weer vergewis van wat die Skrif werklik hier rondom te sê het. Ek gaan poog om eers net die hooflyne van die Ou Testamentiese verbondsverhouding aan te toon, en dit dan deur te trek na ons verhouding as Christene met die lewende God. Daarna sal ek die hele saak van die doop as teken van die besnydenis (Kol. 2:11,12) bespreek.

DIE STAPPE VAN VERBONDSLUITING IN DIE OU TESTAMENT

1 Sam. 18:1-4 is vir ons 'n baie insiggewende gedeelte om ons gesprek oor die verbond mee te begin. Hier sien ons duidelik dat die motief van verbondsluiting tussen Jonatan en Dawid liefde was. Jonatan het Dawid liefgehad soos 'n eie broer. Dit is dan ook die sleutel tot die verbondsverhouding tussen God en Sy mense soos Joh. 3:16 tereg aandui. God neem die inisiatief om nader te kom, en met die sondaarmens in 'n verbondsverhouding te wil treë omdat Hy vir die mens lief is. So lief dat Hy begeer dat alle mense gered sal word en tot kennis van die waarheid sal kom, sê 1 Tim. 2:4.

Ons kan dus onmiddellik aanneem dat God baie direk Sy verbondsverhouding met gelowiges en hulle kinders gaan gebruik om hierdie mense in die eerste plek bewus te maak van Sy onverstanebare en allesoorheersende liefde vir hulle. Deur die dinamiek van hierdie verbondsverhouding met hierdie mense, gaan Hy hulle bewus maak van die realiteit van Sy bestaan, Sy genadige liefde vir hulle, en die implikasies daarvan vir hulle en hulle kinders, en die volgende geslagte tot in die honderdste geslag.

Maar dit het die lewe van Sy Seun gekos. Daarom is dit belangrik dat ons die koms van Jesus goed moet begryp. Jesus het nie gekom om ons 'n vorm van godsdiens te kom aanbied nie, maar om 'n gebroke verhouding tussen God en die mens te herstel deur Sy versoeningswerk aan die kruis. Sodat daar weer werklik 'n liefdesverhouding moontlik kan wees tussen God en Sy mense..

In die lig van gedeeltes soos Hand. 2:38,39, Rom. 2:28,29; 3:9-26 en 10:1-13 is dit baie duidelik dat 'n verbondsverhouding met 'n lewende God nie outomaties beteken dat almal wat deel in die seëninge van daardie verbondsverhouding, verlos sal word en die ewige lewe sal beërwe nie. Nee, alleen diegene wat die Naam van Jesus Christus as Verlosser en Here aanroep sal gered word, sê Rom. 10:13.

Of anders gesê, in die woorde van vers 9 en 10 van dieselfde hoofstuk: As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek, en met die mond bely ons en ons word gered.

Met dit as basis kan ons nou die verbondsverhouding van nader gaan bekyk.

In die Bybel kry ons op verskillende plekke dat verbondsluiting uit nege stappe bestaan het. Ons vind egter nêrens in die Bybel dat hierdie nege stappe in een gedeelte almal uitgespel word nie, maar tog kom dit in verskillende dele in die Bybel voor. As ons een van hierdie stappe êrens dus in 'n bepaalde gedeelte lees, moet ons weet dat die ander stappe ingesluit was daarby, want dit was die verskillende dele van die tipiese Oosterse verbondsluitingsproses en sy implikasies:

- In 1 Sam. 18:1 tot 4 lees ons - as deel van die verbondsluitingsproses – hoe Jonatan aan Dawid sy kleed gegee het. In die Hebreeuse taal beteken dit dat Jonatan homself as persoon aan Dawid gegee het. Wat die implikasies hiervan vir ons verbondsverhouding met God is, verstaan ons as ons Jes. 64:6 lees. Die Bybel leer ons dat almal in sonde ontvang en gebore is. M.a.w. ons is van geboorte af bekleed met die kleed van ongeregtigheid, die kleed van die sondige natuur of sondaar-wees voor God. Jes. 61:10 sê God besit 'n kleed van geregtigheid. Rom. 3:21 e.v. bevestig dat God belowe om dit aan elkeen te gee wat dit aanvaar in geloof.

- Dawid gee dan weer op sy beurt sy kleed aan Jonatan. Met ander woorde daar is 'n verwisseling van klede. So kom God en sê aan ons deur die Evangelie dat Hy bereid is om ons kleed van ongeregtigheid, ons kleed van inhibisies, skuld en skuldgevoelens, op grond van die soendood van Christus om te ruil vir Sy kleed van geregtigheid. En God se geregtigheid is niks anders nie as die Persoon van Jesus Christus nie. Daarom kan die beloftes van Rom. 13:14 en ook 1 Kor. 1:30 vir ons geld in Christus.

- Maar ons lees ook dat Jonatan aan Dawid sy wapens en gordel gegee het. Al die wapens van die Joodse soldaat was gekoppel aan sy gordel. Daarmee sê die een party in die verbondsverhouding dat hy al sy vermoëns, al sy krag en kennis in oorlogvoering tot beskikking stel van die ander party. Elke oorlog waarin hy betrokke sal raak in die toekoms sal nie meer net sy stryd wees nie, maar ook die stryd van sy verbondsvennoot. Elke oorlog in die toekoms moet voortaan nie meer met jou eie wapens geveg word nie, maar met die wapens van jou verbondsvennoot. En omdat dit betroubare wapens is, is jou oorwinning reeds verseker. Ef. 6:1 tot 18 bevestig dat ons elke stryd teen versoeking, of ons ou natuur, of watter mag of heerskappy ook al teen ons kom, kan stry met die wapentuig van die God met wie ons in Christus in verbond staan. 2 Kor. 10:5 praat ook hiervan. Eks. 14:14 praat ook hierdie verbondstaal, asook 2 Kron. 20:15.

- Dan lees ons hoe hulle verbond met mekaar “gesny het”. Blaai nou na Gen. 15:9-17 vir ons gesprek verder hieroor. God vra rein diere, want dit moet die onskuldige wees wat sterf vir die skuldige. Verder moet die offerdier sonder enige merk of gebrek wees - God self moet dit goedkeur - en die bloed van daardie diere moet vloei. Sonder die vergieting van bloed is daar geen vergiffenis van sonde moontlik nie. Elke offer in die Ou Testament verwys na die volkome offer van Christus aan die kruis wat aan al hierdie vereistes voldoen het.

- Dan sny Abraham (vers 10) hulle middeldeer en pak dit in twee rye. Die partye betrokke by die verbondsluiting, gaan staan dan rug teen rug tussen die twee rye vleis, en loop dan van mekaar weg terwyl hulle die volgende vir mekaar sê: “Ek is bereid om my lewe en al my belange af te lê vir jou, en selfs vir jou te sterf”.

- Die pad wat hulle stap, vorm uiteindelik saam 'n agt. En as hulle weer voor mekaar staan en mekaar in die oë kyk, sê hulle vir mekaar: “Ons belowe nou om voortaan in 'n nuwe verhouding met mekaar te lewe, en mag God aan ons doen wat ons met hierdie diere gedoen het as ons nie hou aan hierdie verbond nie”. Vers 11 vertel hoe Abraham die roofvoëls, of aasvoëls verdryf. Hulle is simbolies van 'n mag wat die mens wil verhoed om in 'n verbond te gaan met God. Matteus 13:4 praat hiervan. Jesus verduidelik dit in vers 19. Die roofvoëls is dus niemand anders as die bose nie, wat die mens altyd wil beroof van dit wat God vir ons wil skenk in genade. Ons lees egter hoe Abraham God wil help met die verbondsluiting. Maar God het nie hulp nodig nie. Daarom maak Hy die mens aan die slaap en kry

hom so uit die pad. Dan gee God, terwyl die mens (die vlees) uit die pad is, vir Abraham 'n droom hoe Hy as God inderwaarheid met Homself 'n verbond sluit. Abraham kry 'n prentjie van iemand wat soos 'n vuur - namens Abraham - tussen die stukke vleis deurstap en verbond met God sluit. Die Bybel verklaar self wie dit was wat in ons verbondsverhouding met die lewende God daar tussen die stukke vleis deurstap in Op. 1:14 en 15. Jesus Christus het dit namens ons gedoen. Hy het sy lewe neergelê namens, en vir ons.

- Hulle sny dan mekaar. Kinders doen dit vandag nog. Daar is nie 'n volk op aarde wat nie die bloedverbond verstaan nie. Daarom praat ons ook van die partye in die verbond as "bloedbroers". Lewe is in die bloed. Of anders gesê: Bloed simboliseer altyd lewe. So word aangedui dat die verhouding tussen hulle 'n lewendige en blywende verbond is. Ja, dat hulle as't ware hulle lewens aan mekaar gee. G'n wonder God is so ernstig oor die terme van die verbond nie!

- Hulle ruil dan name. Dit gebeur vandag nog by 'n huweliksluiting waar die vrou die man se van kry. Blaai na Gen. 17:4 en 5 en kyk hoe God dit gedoen het. Die letter H verteenwoordig dan God se naam in Abraham se nuwe naam. Net so lees ons in Handeling 1 die dissipels van Jesus in Antiogië "Christene" genoem is, wat doodgewoon beteken dat hulle naam nou ook die naam van Christus ingesluit het. God dra ons naam op Sy handpalm, sê die Woord, en ons dra Sy naam. Kyk 'n mens na die opdrag om mense te doop daar in Mat. 28:19 tot 20, sien ons ook dat Jesus sê dat hulle gedoop moet word "in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees".

- Hulle maak 'n litteken wat vir altyd kan hou om hulle te herinner aan die verbond. Ons lees hoe Stanley met sy koms in Afrika met 50 stamhoofde verbond sluit terwyl hy opsoek was na Livingstone. Elke keer as hy dan met 'n nuwe stam in aanraking gekom het, het hulle besef dat "there is more to Henry than meets the eye", want agter Henry staan daar hierdie 50 ander stamme. Hy staan dus nie alleen nie. In Suid Afrika roem elke tweede persoon dat hy verbondskind is, maar min mense verstaan werklik wat dit beteken. As jy nie weet wie en wat jy is nie, het jy moeilikheid, want die duiwel gaan jou onkunde uitbuit en dan gaan jy beleef dat jy 'n oormag teen jou het. Terwyl die waarheid is dat elkeen wat "in Christus is", die lewende God met sy hemelse engelemag aan sy kant het!

- Hulle lees dan die terme van die verbond aan mekaar. In praktyk het dit behels dat Jonatan al sy bates en al sy laste vir Dawid voorgelees het. Dit word dan outomaties Dawid s'n. En Dawid doen dan ook dieselfde. So maak God dan ook met ons in ons verbondsverhouding met Hom. Deur geloof in Jesus word ons mede-erfgenaar van alles wat Christus s'n is. In hierdie verbondsverhouding met God het ons niks om as bates vir God te lees nie, en het God geen lysie laste om vir ons te lees nie. Ons kan dus net wen in hierdie verhouding!

- Dan eet die partye in die Ou Testamentiese verbondsluitingsproses saam die verbondsmaaltyd. Ons lees hoe Abimelek dit ook doen met Abraham. Wat vir ons belangrik is is om te besef dat brood en wyn altyd deel van hierdie maaltyd was. Is dit dan nie wonderlik om dan juis hierdie twee elemente te ontdek in die instelling van die nagmaal as nuwe verbondsmaaltyd nie! (Kyk Mat. 26:26-30 en 1 Kor. 11:23-25).

- Dan word daar 'n boom geplant. 'n Boom was 'n teken van lewe, groei en standvastigheid. Ongeag wat die omstandighede of seisoen was, is hierdie nuut-geplante boom dan besprinkel met bloed as teken van die nuwe lewe wat deur hierdie verbondsverhouding nou moontlik is. Die Woord sê dat Jesus gekom het om die hele wet te vervul. Dit impliseer dus ook dat Hy al die stappe wat Ou Testamentiese-verbondsluiting vereis het, nakom het. Ja, selfs hierdie stap ook. Hy het immers gesterf aan 'n "nuut-geplante boom" wat met sy eie bloed besprinkel sou word! Om so ons te verseker dat elkeen wat hierdie kruis met Sy bloed aan aanvaar in die geloof - as teken van die nuwe

verbondsverhouding wat daar nou tussen ons en God is - seker kan wees van 'n ewige en blywende verbond met die lewende God en Vader van Christus Jesus.

DIE VERBOND – DEEL 2

In Suid Afrika is ons so gewoon aan mense wat sê dat hulle verbondsmense is. Maar ek is oortuig dat ons nie mooi verstaan wat ons hiermee bedoel nie. Kom ek verduidelik wat ek bedoel:

Om te getuig oor wat ek in hierdie verband glo wat die implikasies van verbond met God beteken, wil ek jou na 'n voorbeeld in die Bybel neem waar 'n kind wel in 'n verbondsverhouding gestaan het:

In 1 Sam. 18 lees ons hoe Dawid 'n verbond met Jonatan gesluit het. Later word hierdie selfde Dawid die nuwe koning van Israel. Maar dan volg die tragiese geskiedenis hoe Saul sy weermag neem en Dawid soos 'n hond jaag. Verder versprei hy oral leuens oor wie Dawid werklik is. (In die proses is Saul vir ons prentjie van die tipiese "vlees-mens" wat net sy eie saak probeer bevorder, en is Dawid vir ons prentjie van die "gees-mens" wat vergiffenis betoon, al verdien mense dit nie. Jonatan op sy beurt, dra ook die natuur van Saul in hom rond - soos wat al Adam se kinders Adam se beeld dra – maar omdat hy in 'n verbondsverhouding met Dawid gestaan het, dra hy ook die natuur van 'n Dawid in hom. Daarom probeer hy optree as die versoener tussen Dawid en Saul en word so ook prentjie van wat Christus hier op aarde kom doen het.)

Maar op 'n dag sterf Jonatan en Saul. 2 Sam. 4:4 e.v. vertel die verhaal.

Dit verras ons geensins as ons dan - in die lig van al die stories wat oupa Saul oor die jare vertel het - lees dat die oppasser vlug met Mefiboset nie.

In my hart beleef ek dat soveel disinformasie oor God maak dat baie kinders kreupel deur die lewe gaan omdat hulle nie die werklike hart van God ken nie!

Daarom het hulle ook nie vrymoedigheid om na God te gaan om by Hom na liefde en genade te gaan soek nie. God word immers vir baie voorgestel as hierdie vreesaanjaende God, en soveel weet nie dat Hy vir ons 'n Vader wil wees nie!

In 2 Sam. 9:4 en volgende verse, lees ons van Lo-Dabir wat letterlik Plek van isolasie beteken. Mefiboset is so geïndoktrineer dat hy glo dat sy pa en oupa se dood Dawid se skuld is. En dit veroorsaak dat hy hierdie bitterheid, vrees en haat teenoor Dawid koester. Sy grootse vrees is egter dat Dawid hom eendag gaan inhaal.

Op 'n dag word sy vrees dan ook bewaarheid. Maar in 2 Sam. 9:1 e.v. lees ons dan dat hy Dawid se ware hart in die proses ontdek. Ja, waarom Hand. 13:22 sê dat Dawid 'n man was na God se hart.. Ons lees hoe hierdie Dawid vra of daar nie dalk iemand is wat nog moet deel in die seëninge van die verbondsverhouding wat daar tussen hom en Jonatan was nie.

En dit is dan wat hy van Mefiboset hoor. Maar ook hoor dat hy lam is - en dus nêrens heen verder weg kan hardloop nie!

Geen mens kan van God se Gees af weghardloop nie! Hy soek ons op en begin ons te oortuig van die implikasies van God se verbondsverhouding met ons. Natuurlik verdien ons nie om met God in so 'n verbondsverhouding te staan nie. Maar terwille van Christus, omdat Hy ons liefhet, en op grond van wat Christus gedoen het, soek God om ook sy verbondseëninge ook met ons te deel. Sodat daar op grond van die versoeningswerk van Christus, ook versoening tussen ons en God kan plaasvind.

2 Sam. 9:4 e.v. vertel dan hoe hierdie ontmoeting tussen Dawid en Mefiboset plaasgevind het. Ja, hoe Mefiboset letterlik in die teenwoordigheid van Dawid ingedra word.

Nie een van ons kan in eie krag na God kom nie. Ons word ook letterlik daarheen gedra deur die Heilige Gees.

En dan sien ons Mefiboset plat op sy gesig voor Dawid. Hy het seker 'n doodsvonnis verwag in die lig van al die stories wat hy oor Dawid gehoor het. So verwag ons ook 'n doodsvonnis en straf as ons God êrens langs die pad persoonlik sou ontmoet.

Maar kyk net wat ontvang hy! Die belofte dat Dawid die volle verbondseën aan hom wil gee. Ja, selfs die feesmaal van die verbond (v. 10). Al wat Mefiboset moet doen is om die belofte te glo.

Natuurlik was dit nie vir Mefiboset maklik om hieroor te besluit nie. Om Dawid te vertrou en nog boonop lief te kry, sou beteken dat hy al daardie voorveronderstellings en verhale van sy voorouers as leuens moes aanvaar!

So moet ons ook êrens langs die pad besef dat jy al die jare belieg en bedrieg is oor wie God werklik is. Dat God nie die monster is wat ons hoef te vrees nie, maar dat Hy 'n liefdevolle Vader vir ons wil wees wat al Sy hemelse seëninge met ons wil deel. Dat ons kan kom as sy seuns en by sy tafel kan kom sit.

In 2 Sam. 19:24 e.v. lees ons dan van 'n Mefiboset wat al die voorregte van die verbond met 'n Dawid begin geniet. Ons lees hoe hy ander klere ontvang en die verbondsmaal selfs eet. Maar dan lees ons ook dat die oomblik toe Dawid weggaan en Mefiboset alleen agterbly in die paleis, hy maar weer begin lewe asof hy in isolasie in die woestyn is. Hy word weer slordig en glo weer wat hy al die jare geglo het oor Dawid. Terwyl hy eintlik op sy plek langs die koning moes wees en saam met hom moes regeer oor die land en sy mense. Maar hy verkies om weer prooi te word van sy verlede en al die stories uit die verlede.

In vers 26 verduidelik hy dan waarom hy so lyk. Jy moet nou die konteks verstaan: Siba het intussen jaloers geword oor alles wat Mefiboset nou het. Hy het presies geweet hoe Mefiboset al die jare agter Dawid se rug gepraat het, en daarom gaan dra hy stories aan by Dawid oor Mefiboset. Mefiboset hoor dit, en wil nou deur sy onversorgde toestand net vir Dawid wys dat hy nie werklik al die seëninge van die nuwe verbond met Dawid verdien nie (vers 27-28). En dan antwoord Dawid vir hom dat alles wat hy vir hom gedoen het was nie omdat hy iets daarvan verdien het nie. Hy het dit gewoon gedoen omdat hy getrou bly aan die terme van die verbond met Jonatan.

So baie keer twyfel ons of ons iets van God se genade verdien. Die bose smokkel lekker met ons kop en laat ons weer veroordeel voel oor ons verlede. Daarom loop baie van ons onversorg rond. Ons het opgehou om die Woord te lees - ons was nie meer nie - en kruip agter ons baard van ons prentjie van die verlede en vuil klere weg. Dit maak dat God net weer kom om ons te verseker waarom Hy so goed vir ons is. Hy herinner ons daaraan dat Hy aan ons uit genade die kleed van geregtigheid gegee het, en nie oor iets wat ons gedoen het nie. En dan beleef ons hoe ons dan in Sy teenwoordigheid weer vrylik kan praat en optree as seuns van die Koning van alle konings.

DIE VERBOND – DEEL 3

Kom ons gesels vervolgens oor die teken van die verbond. So baie mense noem hulle self kinders van die verbond. En omdat hulle glo dat die doop in die plek gekom het van die fisiese besnydenis, gaan hulle voort om hulle suigelingkinders te bedien met die teken van die doop.

In Suid Afrika is daar twee kampe: Die een groep sê dat jy deur die suigelingdoop ingelyf word in die verbond met God. Daar sluit God dan verbond met die suigeling en omdat God sy kant van die verbond nakom, kan ons sing: Deur die doop is ons verseël om kind van God te wees.

Dit lyk vir my baie duidelik dat die Bybel ons wel leer dat die doop die seël van die verbondsverhouding is wat daar nou tussen ons en God in Christus bestaan is (Kol. 2:11,12). Maar dit is vir my ook baie duidelik dat dit nie die "doop" is wat aan suigelinge bedien word nie, maar wel die doop wat aan gelowiges bedien word.

Om dit aan te toon die volgende: Die meeste Gereformeerde teoloë in Suid Afrika sê dat die teken van die doop die besnydenis van die Ou Testament vervang het. My krisis is dat daar nêrens in die Skrif 'n vers is wat dit bevestig nie!

Die vers wat gewoonlik gebruik word om dit te "bewys", Kol. 2:11 en 12, sê eintlik dat die doop as teken wys na 'n geestelike besnydenis, of besnydenis van die hart, wat plaasgevind het in so 'n mens. Rom. 4:11 beskryf die doop as die seël van die geregtigheid. Maar besef jy dat jy eers iets verseël as die inhoud reeds daarin is?! Dink maar aan ingelegde perskes wat verseël word.

Daarom gee God aan Abraham hierdie teken nadat Hy met hom 'n verbond gesluit het.

"Geregtigheid met God" beteken dat hierdie persoon met God versoen is. In Nuwe Testamentiese taal beteken dit dat hy/sy deur God aanvaar word as sy kind op grond van die soenverdienste van Christus Jesus. En dit gebeur slegs as daardie mens die verlossingswerk van Christus in die geloof aanvaar het.

Wanneer dit gebeur is jy beklee met die kleed van geregtigheid van Christus, en eers dan gee God toestemming dat jy daardie seël van geregtigheid, wat die doop is, mag ontvang.

God sê aan Abraham dat hy besny moet word aan sy voorhuid. Aan hierdie uiterlike teken sal almal wat na hom kyk, kan sien dat hy in 'n verbondsverhouding met God is.

Verder bepaal God dan ook dat elke klein seuntjie op die agste dag besny moet word in Joodse gesinne. (Vandag weet ons uit die mediese navorsing dat die bloed van babas op die agste dag na geboorte eers werklik behoorlik kan stol.)

Hoekom juis die voorhuid van die man? Baie medici is vandag oortuig dat die voorhuid tot nadeel van die man kan wees en wel om 'n paar redes: Wanneer die man seksuele gemeenskap het met die vrou, trek die voorhuid weg, en na gemeenskap trek dit weer terug. In hierdie proses word spermselle daar vasgevang wat onhigiëniese toestande kan veroorsaak. Later kan dit selfs ontsteking veroorsaak. En selfs lei tot kanker a.g.v. bakterieë wat so oorgedra kan word. (Navorsing dui aan dat die laagste syfers van hierdie soorte siektes juis onder Jode voorkom.)

Wat verder van betekenis is, is dat die manlike geslagsorgaan na besnydenis presies dieselfde voorkoms het - van voor af - as die hart van die mens!

Watter wonderlike simboliek lê nie hierin opgesluit nie! As mense dus na die besnyde orgaan kyk, sien hulle nie net teken van die verbond met God nie, maar sien hulle ook wat ware besnydenis werklik be-teken! Dit naamlik dat dit nie lê in 'n fisiese besnydenis nie, maar eerder lê in 'n besny wees van hart! Jer. 4:4 en Deut. 10:16 spel dit tog vir ons baie duidelik uit.

'n Mens kan verder vra: Maar wat van die vrou? Hoe word 'n vrou dan ingesluit in die verbond met God?

Dit is baie duidelik uit die Ou Testament dat ook meisies en vrouens gedeel het in die verbondsverhouding met God al is hulle nie fisies besny nie.

Gereformeerde teoloë leer dat meisies ook as suigeling gedoop moet word en dat hulle so deel kry aan die verbond met God. Maar dadelik wil 'n mens die vraag vra: Maar hoe gebeur dit dan as hulle van oordeel is dat die doop die teken is wat die fisiese besnydenis vervang het?

As 'n mens egter insien dat die doop teken is van 'n geestelike hartsbesnydenis (soos Kol. 2:11 en 12 tog leer) word dit alles baie logies en maklik. Wat God dus deur hierdie teken sê is die volgende:

Dit wat Ek hier vir jou uiterlik teken is 'n onsigbare saak van die hart. Elkeen wat in sonde ontvang en gebore is, het die vlees van die voorhuid van die ou sondaar-wees, oor die hart. En hierdie sondaar-wees van ons - soos die voorhuid van die man - is lewensgevaarlik en nadelig. Ook vir jou sal dit infeksie en die dood meebring.

Daarom moet elke mens in die hart besny word anders sterf hy/sy. Dit is immers wat Deut. 30:6 ons leer.

God gee dus aan Abraham die teken van die besnydenis wat met hande verrig is, wat ons verwys na die besnydenis wat net die Gees van God in ons harte kan verrig. Geen sisteem of menslike gebruik kan dit doen nie (ook nie die tradisie van die suigelingdoop nie). En dit geld vir beide man en vrou. Of hulle Jood is of nie. God self sal ons hart besny en die van ons nageslag. En eers dan kan ons die Here ons God liefhê met ons hele hart en siel, en kan ons lewe. As ons nie in die hart besny is nie, kan ons nie God liefhê nie, en sal ons sterf. En dit geld vir ons en ons hele nageslag.

Ons sien dus dat die besnydenis te doen het met die verwydering van die sondaar-wees van die mens. In die Nuwe Testament word hierdie wegneem van ons posisie as sondaar-wees voor God, en ons herstel as kinders van God, as wedergeboorte beskryf. Elkeen wat wedergebore is, is deur God se Gees self besny in die hart, en hy/sy kan God liefhê en nuut lewe.

Kom ons gaan kyk nou in God se Woord hoe dit werk. In die Hebreeus is die woord wat ons vertaal met "hart", laba. In Jos. 5:7 e.v. lees ons hoe God vir Josua die opdrag gee om weer die hele volk te besny. Omdat hulle ongehoorsaam was, was die volk se fisiese besnydenis vir hulle niks werd voor God nie, en het hulle gesterf in die woestyn sonder om God se beloftes te proe. Daarom het God nou hierdie beloftes oor 'n nuwe land van melk en heuning, aan hulle seuns gegee.

Vers 9 spel die sleutel tot ware besnydenis vir ons uit. "Vandag" toe julle die teken van die besnydenis ontvang het – M.a.w. teken van 'n besnydenis wat nie net aan julle voorhuid plaasgevind het nie maar deur dit wat in julle hart plaasgevind het...

Toe het Ek julle sondaar-wees en julle onvermoë om My te aanbid in gees (of Gees) en waarheid weggeneem, en het Ek die smaad van Egipte uit julle lewens verwyder. Egipte is wanneer jy vasgevang

sit in sonde en niks anders kan doen as om aan te gaan met sondig nie. Daarom het ons 'n nuwe hart nodig. En dit geld vir almal van ons, en dus ook vir elkeen wat as suigelinge verkeerdlik "gedoop" is, en nog steeds die smaad van Egipte in hulle vlees dra.

Rom. 2:25-29 sê as jy fisies besny is, moet jy die hele wet onderhou. En ons moet veral let op wat daar in vers 28 en 29 staan. Fisiese besnydenis is dus nie waaroor dit gaan nie, want selfs daarmee kan ons nog steeds in die woestyn sterf. Ons kan slegs deel kry aan 'n nuwe land en nuwe lewe in Christus deur die besnydenis van die hart of wedergeboorte.

Jesus bevestig dit immers self daar in Joh. 3 as Hy aan Nikodemus verduidelik dat 'n mens net die Koninkryk van God kan ingaan as hy/sy weergebore is. En die sigbare teken of iemand wederbaar is deur die Gees, verduidelik Jesus verder, is as ons iemand sien en hoor opkyk in die geloof vir verlossing na die Een wat aan die paal van die kruis hang!

God se standaard-vereiste vir aanneming as kind van God, en vir die ontvang van die teken van die verbond, is nog steeds geloof in Christus. Deur geloof in die geregtigheid wat Christus vir ons bewerk het, beantwoord ons aan die vereiste om die seël of teken van die geestelike besnydenis te ontvang.

En dit is immers Kol. 2:11 tot 13 se boodskap. In Christus, deur ons geloofsverhouding met Hom, is ons dus verseker dat ons besny is. Weet ons verseker dat ons bloot-sondaar-wees voor God verander het in kind-wees-van-God wat God se genade en vergifnis ontvang het en verlos is, sodat jy werklik God kan liefhê en gehoorsaam deur die lewe van Christus in jou deur die werking van die Heilige Gees.

Ja, in Christus het ons waarlik nuwe skepsels geword soos 2 Kor. 5:17 sê. Rom. 6 praat verder van "Omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop ...".

Die doop is seël van 'n hartsbesnydenis wat reeds plaasgevind het. Dit is dus uiters verwarrend en onskriftuurlik as sekere Gereformeerde strominge toelaat dat suigelinge die teken van die "doop" ontvang voordat die inhoud - wat dit moet be-teken - in hulle lewens plaasgevind het. Dit maak dat dit nie 'n Bybelse doop is nie omdat dit nie beantwoord aan die Bybelse tekening daarvan nie.

G'n wonder dat soveel mense wat agterna tot geloof kom, beleef dat die Gees van God hulle oortuig om hulle te laat doop ten spyte van hierdie suigeling-doopgebeure in hulle lewens!

Fil. 3:3 e.v. bevestig dat elkeen wat bloot aan hulle doop as suigelinge vashou, sonder dat hulle harte besny is, soos Paulus gaan agterkom dat dit nie vir jou ware geregtigheid voor God kan bewerk nie. As daar iemand was wat ander kon beïndruk met sy CV, was dit Paulus! Hy was immers deel van die tradisionele verbondsvolk van God, en reeds besny op die agste dag. Maar hy moes ontdek dat al wat vir hom geregtigheid voor God kon bewerk, Christus Jesus was. Eers nadat hy dit in die geloof vasgegryp het, kon 'n Ananias vir hom sê: Laat jou doop – as teken of seël van die besnydenis wat in sy hart plaasgevind het.

In Gal. 5:1-6 kry ons vers 3, wat seker een van die hartseerste verse in die Bybel vir my is. Dit bring immers mee dat as mense suigelinge doop - omdat ons meen dat die doop in die plek van die fisiese besnydenis gekom het - identifiseer ons maar net weer met die besnydenis van die vlees van Abraham, en plaas ons ons kinders weer so onder die verpligting om die hele wet te onderhou!

Ek wil ook krities vra of dit nie die wyse was hoe die bese ons as Gereformeerdes in 'n stuk wettisisme so vasgevang gehou het oor die jare nie? Dink maar aan ons gebruik om die wet Sondag na Sondag te lees om mense so bewus te hou van hulle sondes! So boei ons hulle steeds indirek aan die ou verbond vas, waar 'n mens probeer om uit eie pogings God probeer tevrede hou. En maak dit dat die meeste

van hulle - terwyl hulle reeds kinders van God in Christus Jesus is omdat hulle glo – nog steeds verdoem en mislukkings voel.

'n Mens kan tereg vra: Maar wat dan van die opdrag in die Woord om vas te staan in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het deur die geregtigheid wat Hy namens ons en vir ons bewerk het?

Kom ons kyk nou wat daar in Gal. 3:7 en 8 staan. Hier staan dat God aan Abraham die opdrag gegee het om die teken van die besnydenis aan sy nageslag te bedien. En sy werklike nageslag is net mense wat soos Abraham geglo het.

As mense glo, kan die besnydenis teken wees van God se genade, waardeur Hy jou hart en jou sondaar-wees verwyder het en jou die ewige lewe deur Christus gegee het. Vir diegene, die gelowige nageslag van Abraham, geld God se beloftes, spel vers 13 en 14 uit. Ons is losgekoop deur Christus Jesus en kan daarom deel kry aan die seën van 'n Abraham.

En dit geld net vir diegene wat dit glo. Geen kind as baba kan tot geloof kom as baba nie. Geen ouer kan namens hulle kind tot geloof kom nie. Geen sakrament kan dit bewerk nie.

Gal. 3:26 tot 29 bevestig dat jy net deur geloof in Christus kind van God word. So word ons seuns van Abraham en kry ons deel aan al die verbondseëninge. En so word ons saam met Abraham "vriende van God" soos Jak. 2:21-23 sê.

ONS IS BLOEDBROERS - DEEL 1

Ef. 4:16 het my net weer soos 'n voorhamer getref: "... en uit Hom (dit is Christus) groei die hele Liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde."

Dit tref my deesdae hoeveel tyd spandeer ek met vriende, gelowiges en medewerkers in die Liggaam van Jesus om te werk aan ons verhoudinge met mekaar.

'n Mens sou krities kon vra of dit werklik die moeite, tyd en energie werd is.

Moet ons nie eerder maar net elkeen ons werk in die Koninkryk van God doen en mekaar verder uitlos nie. Maar Ef. 4:16 herinner ons net weer daaraan dat God nie in die besigheid is om sterk denominasies of bedieninge te bou nie. God is besig om 'n Liggaam hier op aarde te bou. En dit impliseer prakties dat ons moet aanhou werk aan ons verhoudinge met mekaar. God kyk nie na die groot organisasie waarvan ons deel is nie, maar eerder of dit 'n lewende organisme is wat aanhou groei.

Mense wat in Jesus glo word nie deel van een of ander organisasie in die eerste plek nie, maar word as ineengewefde ledemate deel van 'n liggaam. Elkeen van ons pas êrens in as 'n ligament of gewrig, waar ons dan betrokke is en interafhanklik is om saam te groei in ons liefde en geloof. Elkeen van ons beleef die seën hiervan en nie een kan sonder die ander klaar kom nie.

In die Liggaam van Jesus gaan dit dus nie in die eerste plek oor bediening nie. Dit gaan oor Liggaam-wees. Ons is wel almal bedoel om êrens te bedien, maar dit kan eers werklik sinvol plaasvind as ons deel is van 'n gesonde liggaam waar die nodige voeding en versorging en groei plaasvind wat lewensnoodsaaklik is vir ons bediening na buite.

Baie gemeentes is groot gemeentes van 'n duisend of drieduisend lidmate. Maar as jy vra hoeveel van daardie lidmate werklik geleer het om ander mense te vertrou en in sinvolle verhoudings met mekaar is, is dit gewoonlik bitter min. D.m.v. 'n program van werk, gebed, publisiteit, projekte en programme het daardie gemeente se bywoning oor die jare wel geklim, Maar inderwaarheid het net enkele mense daar werklik geleer om ander mense genoeg te vertrou om in 'n liefdesverhouding met hulle te waag.

Nou kan 'n mens vra: Maar wie is inderwaarheid die gemeente? Is dit die baie of is dit net hierdie klein klompie? Want is die Kerk van die Here Jesus nie juis die Liggaam gelowiges wat in ineengevlegte persoonlike liefdesverhoudinge met mekaar en die Here is nie!

As daar tye van toetsing en storms kom, is dit juis diegene wat nie persoonlik aan mekaar verbind is nie wat kort voor lank opstaan en weglug. Dit is immers hierdie vertrouensverhoudings met ander mense wat hulle vashou in die gemeente.

Daar is geen ander manier om werklik 'n gemeenskap gelowiges te bou wat mekaar werklik vertrou nie as om tyd en moeite daarmee te maak nie. En dit is presies waarvan Ef. 4:3 praat as daar sprake is van: "Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe."

Sien jy wat hier staan: Lê julle daarop toe ... Dit impliseer tog moeite doen, hard werk daaraan. En hierdie moeite doen ons om die band wat eenheid en die gesondheid tussen die mense bewerkstellig, te versterk.

Wat is hierdie band tussen mense? Dit is tog niks anders nie as die verhouding wat daar tussen hulle bestaan nie. Dit is die vertroue en liefde wat stelselmatig groei tussen hulle. Kom ons noem dit die bloed-van-Christus-verbond wat daar tussen die gelowiges in 'n gemeente gevind word.

Kom ons noem dit die bondgenootskap wat daar tussen mense onderling ontstaan wat ontdek het hulle is werklik bloedbroers in Christus.

Baie keer vind ons dat gemeentes uitmekaar val en dan is dit nie sonde of gulsigheid of seksuele misdrywe wat die skeuring veroorsaak nie. Mense sondig, en dit vergewe die meeste gelowiges wat die evangelie verstaan maklik. Maar wat gemeentes skeur is die gebrek aan stewige gesonde verhoudinge in daardie gemeente. Dit is die gebrek aan verantwoordelikheid wat vir mekaar en bereidheid wees om hande te vat en saam te werk om probleme te oorkom. Dit is die gebrek aan ware vriendskap en liefde tussen mense wat mense uitmekaar dryf.

Die Bybel teken hierdie interafhanklikheid wat bestaan tussen gelowiges op baie maniere. Een van die mooiste prentjies hiervan is dit wat ons daar in Joh. 15:5 lees, naamlik die van die wingerdstok en sy lote. Ons is die liggaam gelowiges wat so intiem en intrinsiek verbind is aan mekaar soos die lote van 'n wingerdstok. Ons kan slegs ons rol in hierdie ineengevlegte liggaam speel as ons verbind is aan Jesus. Maar ons kan ook slegs mekaar in die liggaam bedien en bedien word as ons verbind is met die ander.

Enigiets wat lewe moet organies verbind wees. Kom ons gebruik 'n ander beeld. As ek in 'n motoronderdelewinkel werk, kry ek die verskillende dele van 'n motor in verskillende pakkies op die rak. Die pakkies kan langs mekaar lê en selfs op mekaar lê. Hulle kan selfs gekodeer wees sodat alles wat bymekaar hoort, bymekaar lê. Maar solank as wat hulle nie organies deel is van een masjien nie, bly hulle onafhanklike, verskillende verwyderde voorwerpe op die rak.

Dood beteken verwydering. Verwyder wees van God is die hart van geestelike dood-wees. En dit bewerk geestelike verwydering tussen mense. 'n Afgesnyde blom lyk miskien mooi in 'n blompot, maar tog is dit in wese 'n dooie blom. Binnekort gaan dit verwelk. Om lewendig te wees moet dit verbind wees. En as dit lewendig is, gaan dit elke dag groei en verander. Daarom is die prentjie van 'n gesonde gemeente die prentjie van 'n lewende liggaam gelowiges wat verbind is aan mekaar soos die ledemate van 'n liggaam, wat dag vir dag steeds verder groei.

'n Mens is 'n mens tussen ander mense, sê die Tswana-spreekwoord. Verhoudinge met ander is die sleutel tot lewe. Vir ons om werklik te lewe, moet daar 'n intieme liefdesverhouding wees tussen ons en God. Dit verstaan ons. Maar besef jy dat 'n mens nie die God van die Bybel as persoon kan verstaan as jy nie Hom in sy verhouding tot ander raaksien nie. As jy nie raaksien dat Hy Homself aan ons eerstens teken as 'n Vader wat in verhouding staan met Sy Seun Jesus (Joh. 17:22 tot 24). En die hart van hierdie verhouding met sy Seun is die liefde wat Hy vir Hom het (Joh. 17:23).

En daardie selfde liefde het Hy ook vir ons. Sodat daar eenheid kan wees tussen ons, soos tussen Hom en sy Seun (Joh. 17:22). En daarom verras dit ons nie om te sien dat hierdie eenheid, harmonie en intieme verhouding met mekaar dit is wat God begeer vir elkeen van ons nie. Kyk maar hoe stel 1 Joh. 1:13 dit: "gemeenskap" tussen ons en die Vader en die Seun, en ook dan met mekaar as bloedbroers in Christus.

Dit is vir Jesus so belangrik dat midde al die verskillende soorte bedieninge waarmee ons die oog van die wêreld mag vang, dit juis hierdie liefde en “commitment” tot verhoudinge met mekaar sal wees waardeur die wêreld ons as volgelinge van Jesus sal herken.

Die mees effektiewe wyse om die evangelie aan die wêreld oor te dra sal dus wees deur gesonde liefdesverhoudinge met mekaar te bou in die Liggaam van Jesus. Maar dit is ook lewensnoodsaaklik vir ons gesonde bestaan en groei as Christene, soos Ef. 3:17 aandui. Daar sê Paulus dat ons gewortel en gegrond moet wees in liefde. Mense wat nie hierdie stewige fondasie in hulle lewe het van ondersteunende verhoudinge met ander Christene nie, sal baie keer moet soek na uiterlike sukses om ’n voorkoms van sekuriteit na buite te skep. Baie van die prestasies in die besigheidswêreld, en onderwys is inderwaarheid baie keer bloot die pogings van ’n baie onseker mens opsoek na sekuriteit. Onsekerheid maak mense fanaties energiek wat kan lei na prestasies. ’n Verhouding van vertroue en liefde met ander mense en met God skep ’n klimaat en fondasie van sekerheid by mense. En dan sien ons mense wat optree onder die leiding van ’n gees wat beheer word deur die Gees met as vrug geloof en liefde. Anders is dit bloot die vrug van siels- en psigologiese energie.

Dit verbaas my om te sien hoeveel geestelike leiers se diens en ywer aan God net die verlenging is van hulle behoeftes om aanvaar te word deur mense. Dit maak dat ons ’n bepaalde sindroom waarneem by hierdie mense wat ek die sg. “A-sindroom” wil noem. In afwesigheid van die Aanvaarding van ’n Vader in die hemel, sien ons hoe mense hierdie soeke na aanvaarding probeer bevredig met ’n soeke na prestasies as ’n wyse om aanvaar te word as mens.

’n Mens sien dit so duidelik by kinders. Die kind wat geliefd voel in ’n huis met gesonde verhoudinge, is gemotiveerd om gebalanseerd te werk en te presteer. Daar sal ook by so In kind ’n behoefte wees om sy beste te lewer maar dit sal voortvloei uit ’n ontspanning en gemaklikheid wat nie allerlei spanninge sal plaas op sy ander verhoudinge nie.

Net so sal die gelowige wat ontdek het wie hy in Christus is as ’n begenadigde mens, geliefde van God, die genot van ’n intieme liefdesverhouding met God bloot geniet sonder om heelyd te soek na aanvaarding by God met allerlei dinge wat hy/sy vir God wil doen nie.

In Op. 2:4 vermaan Johannes hierdie gelowiges dat hulle hulle eerste liefde verlaat het. Wat sou hy daarmee bedoel?

Hierdie mense was mense wat hard gewerk het, geduldig baie lyding verduur het, en gegroei het in volwassenheid. Hulle het op die oppervlakte alles korrek gedoen. Maar hulle fondasie was verkeerd. Die belewenis van die genadige aanvaarding en goedkeuring van God moet die eerste liefde in ons lewe bly.

Ek het baie simpatie vir die mense in die Bybel wat Fariseërs genoem word. Om hulle bloot te beskryf as ’n klomp skynheiliges is om die punt te mis. Rom. 10:2 beskryf egter die hart van hulle probleem. Hulle is mense met ’n erns en ywer vir God het maar met die verkeerde fondasie. Omdat hulle nie die aanvaarding en genadige liefde van God in geloof aanvaar het nie, het hulle juis so geprester voor God. En hoeveel goedbedoelende mense sien ek nie wat al hoe harder en harder werk vir God net om Sy aanvaarding te probeer verdien nie.

As ons hierdie aanvaarding ken, groei daaruit ’n begeerte tot liefdesverhoudinge met ander gelowiges. Dit kan nie anders nie, sê 1 Joh. 4:20 en vers 12. As ons gefundeer is in God se liefde, dan is die vrug daarvan ’n steeds groeiende proses van bou aan verhoudinge met ons bloedbroers en susters in die Liggaam.

Wat verder gebeur is dat ons verhouding met God as Vader en met Sy Seun en met Sy Gees wat in ons is, iets hier in ons laat gebeur. Selfs al het ons ons lewe as kind maar gebrekkige verhoudinge gehad met ons aardse vader en met ander mense wat ons baie stukkend en gewond agtergelaat het, kom God se liefde en kom maak op vir al hierdie dinge. Na ons wedergeboorte is dit God se liefde wat al hierdie gate in ons mondering kom opvul en al hierdie wonde kom genees soos ons groei in ons verhouding met Hom. Kyk maar net hoe wonderlik beskryf Ps. 103:13 en Ps. 27:10 dit.

En lyk vir my een van die wonderlike wyse hoe God dit doen is deur ons onmiddellik na ons bekering deel te maak van 'n liefdesverhouding waar ons deel word van 'n nuwe gesin van bloedbroers en susters, en boonop deel word van Sy geliefde bruid wat Hy elke dag wil koester en bedien in Sy liefde.

G'n wonder Ef. 4:13 tot 16 beskryf die verskillende bedieninge wat in die Liggaam van Jesus moet plaasvind juis as die restourering en opbou van hierdie liefdesverhouding nie.

Kom ons bid die Here dat daar tussen ons hierdie soort verhoudinge meer en meer sal ontstaan.

ONS IS BLOEDBROERS - DEEL 2

God begeer om in 'n liefdesverhouding te wees met mense. En om hierdie liefdesverhouding moontlik te maak, om die reëls en terme en seëninge daarvan uit te spel wat die nodige sekuriteit vir so 'n verhouding uit te spel het God 'n ooreenkoms of kontrak of soos die Bybel dit noem 'n verbondsooreenkoms opgestel wat die beginsels van die integriteit wat hierdie verhouding kan beskerm uitspel.

'n Mens moet verstaan dat in die Bybelse wêreld elke daad van 'n man iets weerspieël van sy karakter. Elke interaksie tussen mense is weer 'n weerspieëling van die aard van die verhouding tussen hulle. In elke area van die lewe was die verbondsverhouding wat daar tussen mense onderling en mense met God was bepalend vir dit wat daar gebeur het. In elke transaksie wat ek gedoen het, elke woord wat ek gesê het, was my eer en betroubaarheid as persoon in verbond met God en mense op die spel. Elke ding wat ek doen was maatstaf en toets vir my integriteit. Kom ons neem bv. gasvryheid as 'n voorbeeld. Vgl. Bv. die gedeelte van Rigt. 19 se gebeure met Abraham s'n in Gen. 18:2.

Ons leef in 'n samelewing waar mense die minimum kontak en verantwoordelikheid vir die oorgrote meerderheid ander mense om hulle voel. Ons is in wese vreemdelinge vir mekaar wat beleef dat ons geen betroubaar veilige ooreenkoms met meeste medemense het nie en daarom bitter min van hulle werklik kan vertrou.

En dit maak dat ons so ingestel is net op ons self en ons eie prestasies, want ons het niemand anders betroubaar om ons wat ons saak sal behartig nie. Ons is werklik sonder hoop dus.

En dit het geweldige implikasies. Dit beteken dat wanneer jy besigheid doen jy geen sekerheid het dat jy die ander party werklik kan vertrou nie. Dit het gemaak dat die huweliksooreenkoms tussen twee mense bloot van krag bly vir mense solank albei van hulle goed voel daarvoor en bevredig voel daarin. Dit gaan glad nie vir hulle daarvoor dat daar by albei van hulle 'n "commitment" en verantwoordelikheid moet wees om die intimiteit wat hulle deel met die ander mens te beskerm nie.

Rom. 1:13 teken dat een van die seker tekens van ons stukkende wêreld juis die sonde is van verbondsverbreking. Mense hou hulle nie meer by die ooreenkoms tussen hulle nie. En dit geld vir vaders wat nie goeie pa's is nie en die troubreuk in besigheidstransaksies.

Waar mense bereid is om werklike diepgang verhoudinge met mekaar aan te kweek groei die vlak van intimiteit tussen hulle. Natuurlik stel dit 'n mens bloot aan moontlike seer soos wat jy meer intiem omgaan met mense, maar dit is tog wat liefde vereis. En daarom is deel van ons commitment met mekaar om juis mekaar te beskerm deur dit wat tussen ons is te beskerm.

Dit is waaroor dit in die verbond gaan. Om die getrouheid en commitment van mense aan daardie verhouding uit te spel en te beskerm.

Ons lewe in 'n wêreld waar die woordjie liefde so goedkoop en niksseggend geword het. Spr. 20:6 praat hieroor. Liefde gaan getoets word aan my en jou commitment en getrouheid aan die reëls van daardie verhouding. Jesus maak in Luk. 18:8 'n soortgelyke punt. Hier waarsku Hy dat Hy met sy koms op aarde elkeen sal oordeel wat die vertrouwe van daardie geestelike verhouding met God geminag en versmaai het.

Geloof beteken in baie kontekste om belydenis te doen van dit waarin jy glo en op te tree in die lig en krag van daardie krag van God. Maar geloof in hierdie konteks beteken om getrou en betroubaar te wees in jou verbondsverhouding met God.

Sonde is om hierdie vertrouensverhouding te breek. Daarom is sonde nooit iets nie maar altyd baie persoonlik teen mense en dan ook God gerig.

Sonde in hierdie wêreld het gemaak dat ek en jy altyd moet rekening hou met die moontlikheid en vrees dat daar êrens langs die pad 'n vertrouensbreuk kan plaasvind en hieroor moet ons nooit naïef wees nie. Daarom is dit so belangrik dat daar altyd reëls en veiligheidsmaatreëls neergelê moet word as waarborg wat albei partye kan beskerm.

Dit is eintlik hartseer om bewus te word van die graad van wantroue wat daar in elkeen van ons is. Dit is deel van ons ou natuur om werklik elke mens se integriteit met 'n mate van wantroue te bejeën. En dit raak nog meer tragies as ons besef hoe ons ook God en Sy woord wantrou. Die meeste van ons is gedurig besig om die een of ander waarborg van God te vra om ons te verseker dat Sy beloftes werklik betroubaar is.

Daarom praat Heb. 6:13 tot 19 juis hieroor as daar verwys word na hoe God sy woord aan Abraham letterlik moes waarborg met 'n eed.

Dit is asof God 'n kontrak met Abraham opgestel het en toe nog boonop 'n geld-terug-waarborg daarmee saam moes gee.

ONS IS BLOEDBROERS - DEEL 3

- HEB. 10:12-25

Om iets te beleef van die verskil wat Jesus Christus kom maak het in mense se lewens, moet ons beseef dat daar nou 'n nuwe verbondsooreenkoms tussen ons en God is, anders as wat voorheen in die Ou Testament tussen God en sy volk was.

- JER. 31:31-34

Die hart van die evangelieboodskap word deur 'n baie eenvoudige illustrasie geïllustreer: Kom ons gebruik my linkerhand om die mens voor te stel met die sonde wat in elkeen van ons se lewe is. A g v hierdie sonde, sê die Woord, rus die straf en oordeel van God op ons (Rom. 6:23) wat ek wil voorstel met die boek wat daarop lê. Daarom moet God ons regtens straf met die ewige dood. Maar in Sy genade het God 'n plan beraam om lewe vir ons i p v dood aan ons te kan skenk.

Kom ons gebruik my regterhand om Jesus Christus voor te stel. Hy het Jesus na hierdie aarde te stuur om mens te word, om met sy lewe van lyding, dood aan die kruis en begrafnis die sonde en die straf as gevolg daarvan op Hom te neem en met sy kosbare bloed daarvoor volkome te betaal. En daarom kan Hy, as die opgestane Here nou aan ons Sy genade en vergifnis en nuwe lewe aanbied. Maar ook dieselfde Gees wat in Hom geleef het, om nou in ons te lewe en ons te lei in die lewe en diens wat hoort in mense wat deel is van die nuwe volk van God.

Dit is hierdie Gees wat ons verseker, julle het 'n lewende God in julle lewe. Wat in beheer is. Wat vir julle liefhet. Wat na al julle behoeftes en belange wil omsien. Wat vir julle 'n Vader wil wees. Wat selfs die mees tragiese gebeure wat met 'n mens in hierdie stukkende wêreld kan gebeur, kan gebruik tot ons beswil.

Maar dit is ook hierdie Gees wat julle herinner aan dit wat Christus as julle Hoof en Here elke dag vir julle, namens julle in die hemel wil doen. Hy treë daar op as julle Hoëpriester wat dag vir dag vir julle intree by die Vader.

Ek wonder soms of ons as moderne mense werklik verstaan wat die priester se funksie was. Dat hy die persoon is wat God self gekies het om God by die mense te verteenwoordig en die mens by God te verteenwoordig. Dit is iemand wat 'n hart en empatie het vir die mens en sy omstandighede en belewinge, maar aan die anderkant ook 'n sensitiwiteit het vir God se hart en Sy planne en begeertes vir die mens.

Kan jy jou dan voorstel dat jy as God se bondgenoot, bloedbroer van Jesus, die voorreg het om elke dag verteenwoordig te word deur Jesus Christus by die Vader. Wie is nou beter "gekwalifiseer" om dit juis te doen as Hy. Hy is immers self God, maar aan die anderkant was Hy volkome mens en het Hy elke swakheid en aanval wat mense daagliks belewe aan sy eie lyf ervaar.

Maar as verbondsmens, het jy nog boonop God se eie Gees, Jesus se eie Gees, wat in jou liggaam kom bly het. Om jou dag vir dag te herinner aan alles wat Jesus gesê het. Om jou te lei en te bemoedig. Om aan jou as die kind van die Koning van alle koning God se planne te openbaar vir jou. Om jou gedurig te leer en van raad te bedien wat jy nodig het as God se ambassadeur in hierdie wêreld.

Maar Hy is ook die Gees wat elkeen van julle wil herinner dat julle kinders is van die lewende God in hierdie wêreld. En daarom is deel van Sy nuwe volk van broers en susters in Christus deur die bloed van Christus. Verbondsbroers en -susters omdat ons glo.

In die Hebreeus is die woord vir verbond “berit”. En hierdie woord se kern is die Hebreeuse woord “b’rit” wat beskryf as iemand so gesny word dat die bloed loop. Daarom is verbond eintlik in sy wese “bloedverbond” of verbond wat ontstaan as die partye wat dit verbind, verbind word deur die bloed wat gevloei het. Daarom was die besnydenis ’n heel logiese teken van hierdie verbondsverhouding wat oorspronklik tussen God en sy Ou Testamentiese volk ontstaan het (waar die voorste stukkie vel aan die seuntjie se manlike orgaan afgesny is op die agtste dag na geboorte en bloed gevloei het).

Hierdie woordjie “berit” hoor ons telkens as ons hoor van die Joodse groepe wat bekend staan as die “B’nai B’rit” of “seuns van die verbond” wat die Joodse kultuur en identiteit oral wil bevorder. Daarmee wil hulle mekaar daaraan herinner dat hulle “bloedbroers” is deur die verbond van bloed waarby hulle ingesluit is deur die besnydenis.

Bloedverbond is egter ook in baie ander gemeenskappe bekend as lede van verskillende stamme in Afrika en onder die Amerikaanse Rooi Indiana hulle polse sny en teen mekaar druk dat die bloed wat vloei kan vermeng as teken van die nuwe “bloed-verhouding” wat nou so tussen hulle ontstaan het.

So moes die bloed van elke offerdier telkens vloei om as teken te dien van die nuwe, herstelde verhouding tussen God en sy volk wat vroeër deur sonde versteur is.

Die prototipe van alle bloedverbonde kry ons seker daar in Gen. 15 waar God in ’n visie aan Abram verskyn. Na die belofte van die verbond wat daar nou tussen hulle gaan bestaan, gee God aan Abram die instruksies om so ’n “verbond-sny-seremonie” in te rig. Hy moet verskillende diere neem en sommige van hulle middeldeel sny en dan die stukke in twee rye langs mekaar pak. Abram raak later aan die slaap by hierdie vleis en dan kom daar ’n heilige vrees oor hom oor die ongelooflike heiligheid van die oomblik. In vers 17 kom God dan in Sy Shekinah-heerlikheid en beweeg tussen die vleis deur as teken hoe Hy met vuur die verbond sny tussen hulle.

Maar begryp jy wat hier gebeur? Die God wat Skepper is van hemel en aarde kom hier en skep ’n bloedverbond tussen Hom en die mens. In Gen. 17 spel God dit uit as Hy vir Abraham sê dat Hy van Sy kant af as God sy seën belowe aan Abraham en al die nasies op aarde.

Maar ’n bloedverbond het altyd twee partye wat betrokke is. Daarom staan daar in vers 9 dat Abraham en sy nageslag die keuse het om hierdie verbond te eerbiedig of om dit te verwerp met die vloeke en ellende wat belowe is. Abraham sou moes opstaan as verbondgenoot van God en sy familie en kinders gaan vertel van die nuwe bloedooreenkoms wat daar nou bestaan tussen hom en die lewende God. En wat ook sal bestaan met elkeen wat ook die bloedteken aanvaar het. En hulle moet dit weer aan hulle kinders oorvertel en hulle deur die teken van die besnydenis inlyf by die bloedverbond met God en gevolglik ook met mekaar.

En so word verbondsouers medewerkers van God om die beloftes en seën van God te bedien en te vertel aan die volgende geslag. Ons is bedieners van God se genade en seën aan die volgende geslag mense. Ons doen dit namens God, soos 2 Kor. 5:20 e v dit so treffend uit spel.

Besef jy wat dit ons leer oor die outoriteit en gesagsposisie wat God aan die mens gegee het? As jy dit verstaan, kan jy iets verstaan van dit wat daar in Mark. 4:40 staan. Jesus is nie besig om vir Sy dissipels te leer om Hom te vrees en hulle te verwonder oor Sy outoriteit nie. Hy is verwonderd oor hulle totale onkunde oor die outoriteitsposisie van die mens. Hy verbaas Hom daaroor dat hulle na soveel tyd in sy geselskap nog nie verstaan dat hulle genoeg outoriteit het om die wind en die golwe te beveel om

te bedaar nie. Hy daag hulle m.a.w. uit om te begin verantwoordelikheid neem vir die wêreld om hulle.

As God daar in Abraham se tyd self afkom en tussen die vleis deurstep, verbind Hy Homself ten volle aan die bepalinge van die verbond tussen hulle. Wat o.a. behels dat as enige van die partye die verbond sou verbreek, daar met hom gemaak sou word soos wat met hierdie stukkende gesnyde vleis so gebeur. (Dit is wat daar in Jer. 34 dan ook staan in vers 18 en 20).

God vra ons elkeen ook of ons bereid is om tussen die stukke deur te stap. Of ons bereid is om die verantwoordelikhede maar ook seëninge wat die verbond uitspel, te vat en ons so te verbind tot 'n verbond van lojaliteit, intimiteit en volle samewerking met die lewende God, en as ons die sou verbreek, verstaan ons ons selfgekoose lot.

Jy mag miskien nou vra: Maar wat het dit alles met ons vandag te maak?

Besef jy dat elke keer as ons die teken van die nagmaal gebruik, ons as't ware tussen die stukke deurgesnyde, bloederige vleis deur stap en net weer ons verbondsverhouding met God en met mekaar bevestig?

Kom ons lees weer wat daar in 1 Kor. 11:27 tot 30 staan. As ons die beker en die brood neem en gebruik, stap ons tussen die vleis deur in 'n bloedverbond met Jesus. En daardeur bevestig Jesus net weer aan ons dat Hy gebonde is om 100% lojaal aan ons te bly, en verbind ons ons tot volkome lojaliteit.

G'n wonder Heb. 10:26 tot 31 rig dan so 'n geweldige waarskuwing aan elkeen wat in die lig hiervan ongehoorsaam sou wees aan hierdie verbond. Om te drink van die beker is om een met Hom te word in 'n lewe vir lewe, siel vir siel verbondsverhouding. Om soos die verbondsvennote van ouds aan mekaar 100% ondersteuning en bondgenootskap te belowe teen enige moontlike vyand of aanslag in die toekoms. (Al is dit inderwaarheid soos die mier en die olifant wat oor die brug stap en saam die brug maak bewe!)

Ja, dit is soos die man en vrou wat by die huweliksverbond vir mekaar sê en belowe: Jy is been van my been en vlees van my vlees. Ek sal jou liefhê soos ek my eie liggaam liefhet. Dit is om mekaar 'n soort lojaliteit te belowe waarvan ons lees waarvan Dawid daar in 1 Kron. 11:19 sê: Om water te drink wat inderwaarheid julle lewens op die spel geplaas het, sou wees asof ek julle eie bloed sou drink.

Dit is presies wat Jesus vir ons gedoen het. Jesus sê vir ons om in hierdie nuwe verbondsverhouding met Hom en met mekaar te treë, moet ons almal drink van Sy bloed en eet van Sy vlees. En dan dui Hy hiermee aan dat ons almal persoonlik 100% Sy bondgenoot moet word, in 'n soort verbondsverhouding met Hom moet treë waarin ons-alles aan Hom behoort, en Sy-alles aan ons sal behoort. Ons gee ons lewe vir Sy lewe wat Hy reeds gegee het, en aanvaar net weer by hernieuwing Sy lewe en alles wat Hy namens ons gedoen het.

'n Bloedverbond vereis totale lojaliteit, in die lewe tot aan die einde met ons dood op aarde. Dit is die soort lojaliteit waarvan Op. 12 praat as daar vir ons mense geteken word in vers 11 wat die vyand oorwin het deur die bloed van die Lam en die woord van hulle getuïenis en omdat hulle nie hulle lewe tot die dood toe lief gehad het nie.

Die bloed van die Lam dui op Jesus se kant van die verbond. En die woord van hulle getuïenis dui op die belofte wat hulle met hulle mond maak voor mense om in verbond te lewe met Jesus. En die gewilligheid om selfs hulle lewe te gee as hulle verbondsverhouding met Jesus dit sou vereis, is die finale bewys van hulle totale lojaliteit aan Hom.

Ons verbond met God het altyd twee kante. En dit is presies die motivering en rede waarom ons in die gemeente ook in hierdie selfde bloedverhouding tot mekaar staan met 'n bereidheid om aan mekaar lojaal te wees tot die dood.

Soos Jesus gesê het daar in Joh. 13:34: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefgehad het.

Hoe ingrypend kan dit nie ons verhouding tot mekaar in die gemeente en die Kerk van Jesus verander as ons dit werklik begryp nie!

EK HET 'N DROOM!

Ek het 'n droom, 'n visie, 'n missie wat ek glo ek van God self gekry het. God wil my gebruik om iets baie spesifiek te doen. Dit is dalk anders as wat die meeste mense om my moet doen, maar dit is hoe Hy my wil gebruik. En ek glo van harte julle in hierdie gemeente is direk daarby betrokke. Daarom glo ek hierdie droom of visie is God se droom vir ons, dit lê op Sy hart vir ons vorentoe. En daarom deel ek dit met jou.

Dit het my so getref toe God met ons oor die verbond die afgelope tyd begin praat het. Om ons aan die eenkant bewus te maak van die ongelooflike wonder dat daar 'n lewende God aan ons kant is elke oomblik van die dag.

Om net weer aan ons lyf te ervaar wat dit beteken dat Hy vir jou 'n Vader wil wees, en 'n Verlosser-Koning, en wat die wonderlike implikasies daarvan is dat Sy Gees in jou is om jou Begeleier, Persoonlike afrigter en Dokter te wees. Met die skatte van die aarde as jou voorraadstoor.

Maar om aan die anderkant het Hy ons ook gehelp besef wat daar in 2 Kor. 6:1 e.v. staan: As mens-in-verhouding-met-God, is ek God se medewerker in hierdie wêreld. God wil my gebruik in hierdie wêreld in mense se lewens.

Die realiteit en omvang van hierdie woord het my weer voor die kop getref. Hierdie gemeente is medewerker van God! Dit beteken ten minste dat ons net weer by ons Baas moet gaan sit en presies hoor wat Hy wil hê wat nou moet gebeur. En ons moet nie daar opstaan voordat ons presies weet wat ons nou moet doen nie. Maar as ons daar opstaan, moet ons vertrou dat dit wat in ons hande en ons hart is, en wat nog langs die pad in ons hande gestop gaan word, presies gaan wees wat nodig is om die groot Argitek se planne tot werklikheid te laat kom. En ons moet doen wat ons moet doen met 'n entoesiasme en 'n doelgerigtheid soos mense wat weet die Een wat ons opdrag gegee het sal tot die einde self deur ons die werk doen.

Ons kan soms so klein en hulpeloos voel, asof God niks deur ons kan maak gebeur nie. Maar dit is 'n leuen. Jy is God se medewerker. Daarom wil ek hê die Here moet deur Sy Gees ons net weer bemoedig dat ons die hande en voete en lywe is deur wie Hy dit wil doen wat Hy wil doen.

Heb. 11 het my so aangegryp hierdie week. As ek kyk na die Woord se foto's van mense wat glo, besef ek hoe min verstaan ek werklik van wat geloof is.

As ek deur hierdie foto's blaai, sien ek mense wat bereid was om op God se Woord in geloof te reageer. Wat bereid was om deur God gebruik te word omdat hulle geweet het Hy bestaan en dat Sy Woord vas staan.

God soek mense, gemeentes, wat bereid is om gelowig te handel op grond van Sy Woord. Wat sensitief is vir die seisoen van die Gees en onverskrokke sal doen wat God van hulle vra.

Kan ek jou vra: Sal jou foto in die Heb. 11 van die hemel hang? Sal ons gemeente die geloofsmoed hê om in 'n tyd soos dié, te doen wat God nou van ons vra?

Kom ons gaan leer weer by die Gees uit hierdie geloofshelde van ouds se lewens wat dit beteken om in 'n tyd soos dié deur God gebruik te word om gelowig te reageer op die Woord, en op God se seisoen.

- Geloof is om sonder bewyse te glo dat God die wêreld geskape het.
- 'n Abel toon ons dat ons in hierdie proses gelowig moet offer waarvoor God nou spesifiek vra. Nie wat ons dink nie, maar wat God voor vra.
- 'n Henog toon ons geloof is om te leef soos God dit wil hê.
- Daar is nie altyd eenvoudige antwoorde op al ons vrae nie. Soms moet ons soek na antwoorde. Maar een ding weet ons, glo ons: Ons glo God is 'n realiteit, en daarom is elke minuut wat ek worstel en soek na Sy wil vir my lewe, saad wat ek saai wat 'n oes gaan lewer.
- 'n Noag leer ons geloof is om God se opdragte gelowig eerbiedig te gehoorsaam al is dit om 'n ark in die middel van 'n woestyn te bou
- Geloof is om soos Abraham weg te trek uit die bekende na 'n onbekende, nuwe beloofde stad, omdat God vir jou daar 'n stad gewys het wat Hy self gebou het. Al sou dit beteken dat jy heeltyd terwyl jy op pad is deur mense soos 'n vreemdeling behandel word. Omdat jy weet, en hulle weet, ons is nog nie daar waar God ons werklik wil hê nie. En dit is nie omdat ons te sleg of te swak is nie, maar omdat God deur ons, en selfs nog deur ander wat na ons gaan kom, dit wat in Sy hart is, volledig klaar gaan maak. Ons taak is maar om 'n deel daarvan te bou. Maar ons het reeds in die geloof die voltooide stad gesien in die Gees, en daarom bou ons voluit die deel wat ons moet doen.
- Geloof is om geloofskinders te verwek deur die krag van God. Geloof is om van God krag te ontvang om te doen wat jy moet doen, want jou vlees kan dit nie self doen nie. Dit is immers net die Gees van God wat dit in werklikheid kan doen.
- Geloof is om soos Abraham jou beste, jou Isak, te offer as dit God se hart is. Omdat jy glo dat God elke offer van jou deur Sy krag kan lewend maak en kan verander in saad wat 'n nageslag soos die sand van die see as oes kan gee.
- Geloof is om soos Isak en Jakob jou kinders te seën omdat jy glo dat daar 'n dag soos môre sal wees. En soos Josef te reël dat hulle jou bene sal saam neem as God sy planne in vervulling laat kom. Omdat jy weet God is in beheer van môre.
- Geloof is om soos Moses se ouers die koning selfs te trotseer omdat ons God se woord meer getrou ag as syne
- Geloof is om te weier om vas te kyk teen die blink van 'n farao se paleis omdat jy weet dat wat God se hart vir jou en jou mense is, honderd keer beter is. Al sou dit beteken dat jy vir 'n tyd die smaad van mense daarvoor moet dra.
- Geloof is om soos Moses selfs bloed aan jou kosyn te smeer omdat dit God se verlossingsplan vir sy mense is. In 'n tyd waar mense sê alle paaie lei na God toe, sal ons weer vir mense moet wys dat net die bloed van Jesus die onheil en oordeel van God kan afweer, en die sleutel kan wees tot 'n lewe van oorvloed.

- Geloof is om te glo 'n see voor ons kan verander in 'n snelweg, omdat God met ons vorentoe op pad is
- Geloof is om op God se bevel tot sewe maal om vestings van die borse te stap of weke te bid as dit is wat God gesê het die strategie vir oorwinning is
- Geloof is om selfs jou kragte en samewerking met 'n skynbare vyand in te gooi soos Ragab, omdat jy oortuig is dat God hier aan die werk is. Al weet jy dat dit die einde kan beteken van die veilige stad waarin jy en jou mense tot dusver sekuriteit gevind het

As ons dit verstaan het, kom ons blaai nou na Mark. 6 en lees daarvan verse 7-13, 30-34, 36-38. Wat my in hierdie gedeelte tref is dat die Here ons werklik as medewerkers wil gebruik. Hy plaas ons letterlik in situasies waar ons kan leer wat dit beteken om te bedien, en kan leer om in geloof op te treë.

Aan die anderkant tref Jesus se liefde en empatie vir die omvang van die mense se nood my. Hy sien sy dissipels is moeg na die tyd van intense bediening. En daarom neem Hy hulle na 'n stil plek toe. Maar dan daag die skare kort daarna weer by hulle "vakansieplek op met al hulle nood. En onmiddellik begin Jesus hulle bedien. Totdat hulle almal - meer as vyfduisend van hulle, honger word, want dit was al laat.

En dan die verrassende woorde van Jesus: Gee julle vir hulle iets om te eet.

'n Totaal onredelike versoek, voel 'n mens. Om so baie mense iets te gee om te eet sou 200 werksdae se salaris kos. Maar Jesus vra hulle nie vir iets wat hulle nie het nie. Hy vra hulle om wat hulle het in geloof vir Hom te gee om hierdie nood aan te spreek. Al voel ons: Wat is vyf broodjies en twee vissies vir soveel mense!

Daarom wil ek afsluit met die woorde van Heb. 11:6: As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy die wat Hom soek, beloon.

ONS IS BLOEDBROERS - DEEL 4

Luister net na hierdie besondere definisie van dissipelskap wat ek dié week raakloop: “Discipleship is the grooming of friends who can be trusted”.

Ons het die afgelope tyd beleef dat die Here met ons praat oor die besondere verbondsverhouding wat daar bestaan tussen ons en Hom as ons God, maar dan ook tussen ons as mense wat deel het aan hierdie verbond. Dat ons in Christus bloedbroers en -susters van mekaar word.

Heb. 13:1 sê dit so: As broers moet julle mekaar altyd liefhê. Rom. 13:8 sê: Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê.

Kom ons maak hierdie liefde wat tussen ons as broers en susters in die gemeente moet groei baie prakties. Kom ons beskryf dit as vriendskap, as ’n verhouding wat ontstaan tussen ons soos wat ons bereid is om ’n soort bloed-verbondsooreenkoms met mekaar te sluit.

Vriendskap is iets anders as bloot vriendelik wees met mekaar. In vriendskap sit daar ’n stuk vertroue, ’n vertrouensverhouding wat mettertyd gegroei het tussen ons. Een van die mooiste vriendskapsverhoudinge waarvan ons lees in die Skrif is dié tussen Dawid en Jonatan waarvan ons bv. daar in 1 Sam 18 lees. Kom ons gaan kyk net kortliks na wat hulle verhouding so spesiaal gemaak het.

- 1 Sam 18:1 - hulle was geesgenote. Die Engels sê: “The soul of Jonathan was knit to the soul of David”. Enige twee gelowiges is een van gees omdat ons ons glo God is ’n realiteit, want ons het Hom in Christus Jesus ontmoet. Maar om werklik vriende te word, moet ons met tyd leer hoe om ten spyte van ons verskillende persoonlikhede en gewoontes so deel van mekaar te word, so verantwoordelikheid vir mekaar te aanvaar dat ons begin om iets van ’n soort sinergisme te beleef tussen ons waar ons mekaar komplimenteer maar ook aanvul. Waar ons sterker en meer is as net ’n som van alles wat ons is. Waar ons optelsom nie $1+1=2$ is nie, maar 3 is.

- 1 Sam. 18:1 en 20:17 - waar daar staan dat Jonatan Dawid liefgehad het soos sy eie lewe. Om dit te laat gebeur moet emosies, gedagtes en begeertes van die ander joune word. Die een se oorwinning of die ander se seer word joune. Iets dus van wat daar in Rom. 12:15 staan waar ons lag met die wat lag en huil met die wat huil.

- 1 Sam. 18:3 - Maar hierdie intimiteit tussen ons met verwoord word en lei tot ’n soort ooreenkoms of verbond wat ons met mekaar sluit en volle verantwoordelikheid vir mekaar neem. Want slegs binne so ’n verbond kan ’n mens totaal ontspan en onbevrees jouself gee in hierdie verhouding.

- 1 Sam. 20:23 - Die verhouding wat tussen ons bestaan is nie bloot ’n humanistiese soort vriendskap wat baie mense met ander het nie. Ons is nie bloot “buddies” nie. Ons is vriende omdat ons albei die Here met ons hele lewe liefhet. Omdat ons eerstens aan Hom ge-commit is en Hy die Skakel van ons verhouding teenoor mekaar is daar ’n band wat ons bind wat sterker is as wat bloot menslik moontlik is.

- 1 Sam. 18:4 - Die kleed wat Jonatan vir Dawid gegee het was nie net ’n kleed nie. Dit was simbool van wie hy was as die seun van die koning, van al sy outoriteit en gesag, en sy gewilligheid om sy posisie in die wêreld en besittings in die wêreld te deel met sy verbondsbroer.

- 1 Sam. 20:8 en 9 - Maar vriendskap beteken ook om 100% verantwoordelikheid vir mekaar se heil en belange te aanvaar. Om om te sien na mekaar.

Miskien begeer jy so 'n vriendskap met ander gelowiges. En die Woord van God sê dit is wat God vir ons begeer. Daarom moet ons nie onself isoleer van ander in die gemeente nie, maar die inisiatief neem en begin uitreik na mekaar.

Maar voordat ons dit doen moet ons ook verstaan dat mense so maklik ons vriendskap kan vertrap. Daarom vra dit 'n mate van versigtigheid. Iets wat Jesus verwoord het met die woord daar in Mat 7:6, naamlik: Moenie julle pêrels voor die varke gooi nie.

'n Mens kan nie die pêrel van jou lewe vertrou in die hande van 'n mens wat nie getrou en betroubaar is nie.

Miskien is dit jou vrees in jou hart as jy in hegte verhoudinge met mense inbeweeg. Jy vrees: Maar wat as hierdie mens my sou verwerp as hulle my beter ken? Wat as hierdie mens my vertrou skend? Hoe weet ek dat ek nie gaan seerkry in hierdie verhouding nie?

Met hegte verhoudinge kom intimiteit, en met intimiteit kom 'n groter moontlikheid dat ons mekaar kan seermaak of verwond. Daarom is die beginsel wat moet geld in so 'n vriendskap wat ontwikkel dat ons mekaar moet voorberei om mekaar meer en meer te vertrou dat ons nie die ander sal wil seermaak nie.

As jy wil; hê 'n hegte vriendskap en meer intieme liefdesverhouding met 'n ander mens moet groei, moet jy duidelik blyke gee in daardie verhouding dat jy 100% soos jouself.

In die verband, luister nou wat oor Jesus staan in Joh. 2:24-25: Die woord "commit" beteken hier "toevertrou". Jesus het geweet op hierdie stadium kon Hy nie een van hierdie mense vertrou nie. Hy het geweet dat Hy nie een van hulle op hierdie stadium kon vertrou met sy lewe nie. En daarom het Jesus vir Homself 'n klein groepie van twaalf manne gekies met wie Hy tyd spandeer het om hulle toe te rus dat Hy hulle werklik kon vertrou.

Dit is presies in hierdie sin wat ons Joh. 3:16 moet verstaan.

Daar is dus 'n verskil tussen liefhê en iemand met jouself en met jou lewe vertrou. Die kern van liefhê is om te gee. Ek gee iets van myself of iets anders vir iemand. Ek kan hom help of hom selfs bedien. Maar voordat daar werklik 'n vriendskapsverhouding en liefdesverhouding tussen ons kan ontstaan, voordat ek waag om my diepste binneste bloot te stel vir iemand anders, moet ek weet ek kan daardie ander 100% vertrou.

Ek kan in 'n mate mense liefhê en help wat antagonisties, bedrieglik en onbetroubaar is net as ek, wat ek wil noem, my geestelike wapenrusting aanhet waarvan ons daar in Ef. 6:16 lees. Die skild van die geloof is 'n geestelike skild wat ons beskerm van aanvalle van geestelike bose magte en die aanvalle van negatiewe woorde en gedagtes van ander mense. Elke negatiewe ding wat mense vir jou of oor jou sê is soos 'n pyl van vuur van die vyand waarmee hy jou aanval en wil kwes of vernietig. En as ons in 'n baie hegte verhouding met daardie mens is, kan die vyand daardie pyl van vuur na jou hart steek. En as dit jou hart sou raaksteek, gaan jy in die toekoms nie sommer maklik weer jouself toelaat om iemand lief te hê nie. En ons is geroep om mekaar lief te hê. En in die mate wat ons leer om mekaar te vertrou, laat ons toe dat mense nader aan ons kom. Maar in die mate wat ons nog nie weet of hierdie mens betroubaar is nie, het ons hulle nog steeds lief maar doen ons dit met die skild van geloof stewig tussen ons om ons te beskerm teen enige negatiewe woorde.

Om dit nou baie prakties te maak, luister net hierna:

- Spr. 26:18-19 - Hoeveel sogenaamde grappies is nie bloot humor nie, maar kan soos dolke ander kwes.
- Spr. 25:18 - Is jy betroubaar genoeg dat iemand iets baie konfidensieel aan jou kan vertel en weet jy sal dit nie aan ander oorvertel nie?

Kom ek lees vir jou wat was Jesus se definisie van 'n vriend daar in Joh. 15:13-15.

Wat ons hier het is 'n opsomming van die resultaat van die jare bediening en dissipelskap-program wat Jesus met die twaalf gehad het. Vir Hom het die program daaruit bestaan om 'n groepie mense te neem wat onbetroubaar was, maar tog die potensiaal gehad het om betroubaar te word (omdat hulle aan Hom ge-commit het - en Sy Gees in hulle lewens aan die werk was), wat Hy dan deur 'n periode van skoling geneem het om hulle betroubaarheid te ontwikkel totdat hulle betroubaar was om met ander hierdie selfde pad te stap.

Hulle het dus deur drie fases gegaan, naamlik van potensiaal, na toerusting, na vriendskap.

Die Bybelse woord vir "vriend" is dus baie dieper as dit wat ons in alledaagse spreektaal daaronder verstaan. Daarom moet ons eintlik die woord vriend in ons gedagtes in hierdie verband verstaan as verbondsvriend of verbonds-"buddie", of vertroueling. In hierdie verse sê Jesus dat hierdie manne sy vertrouelinge geword het omdat Hy hulle geleer het om presies te doen wat Hy hulle beveel het. In vers 15 verduidelik Jesus dat daar 'n tyd was toe hierdie manne vreemdelinge was, en toe later slawe geword het, en toe eers deur 'n proses van toerusting en dissipelskap Sy vriende geword het. Daardie groei in vertrouwe is die nuwe verbond-soort dissipelskap.

Om dit aan jou verder te verduidelik, kom ek gebruik my taak as pa teenoor my kinders as voorbeeld. Ek beskou my rol as pa as 'n tipe dissipelskap, en dan in die sin van iemand vorm tot getroue naby vriend. As ek na my kinders kyk, sien ek mense vir wie ek baie lief is. Toe hulle baie klein was het ek hulle baie liefgehad maar ek sou nie my lewe in hulle hande gewaag gee het nie.

Oor die jare het ek op baie maniere vir my kinders gewys dat ek hulle liefhet alhoewel ek nie my lewe in hulle hande sou waag gee nie. Maar as 'n teken van geloof het ek hulle reeds liefgehad omdat ek geglo het dat God deur Sy genade hulle lewens kon verander en hulle my beste vriende kon maak.

My grootmaak van my kinders is tog nie ten diepste net daarop gerig om hulle my te gehoorsaam as ek hulle iets sê nie. Ek wil hulle leer om my te gehoorsaam tot op die punt wat hulle werklik my beste vriende word. Ek sien dus in my gedagtes reeds hoe ons met mekaar gesels as vriende as hulle eendag groot en volwasse is as die beste van vriende. Ek maak dus nie slawe of robotte groot nie. Ek is besig om iemand te vorm om later 'n ware vriend te wees.

Nuwe dissipels is dus die potensieële ware lewenslange vriende van die toekoms. Om iemand dus te dissipel of te dissiplineer is dus 'n liefdesdaad, waar ek in geloof na iemand uitreik en daardie persoon begin nadertrek in 'n hegte verhouding met my as mens. In hierdie naderbeweeg sal slegte gewoontes of areas waar die persoon swak is aandag kry, maar dan nie terwille van dissipline nie, maar om so struikelblokke te verwyder wat ons groei na mekaar toe as ware vriende kan blokkeer of bemoeilik.

Nou sal jy verse soos Ef. 4:15 verstaan! En 2 Tim. 2:2. Dissipel-maak word hier weer as die drie stappe uitgespel:

Soek manne wat die potensiaal het deur die werking van die Gees in hulle as gelowiges om vertroubaar te wees, en kies hulle dan om toegerus te word.

Hier lees ons dus van vier generasies van dissipels. Paulus, Timoteus, dan manne wat getrou is, en ander manne wat vertroubaar is.

Paulus het 'n intieme, vertrouensverhouding met Timoteus gehad. En nou roep hy hom op om dieselfde soort vertrouensverhouding met ander manne te kweek. En wat hy aan hulle moet toevertrou is "die dinge wat jy van my gehoor het".

Dissipelskap behels dus praat met hierdie manne. Ons rus dus hierdie mense toe deur met hulle te praat oor die waarhede van die Woord en dan te kyk hoe hulle reageer op die Woord. Wat iemand doen met die boodskap van intimiteit reflekteer duidelik die mate waarin hy vertrou kan word.

Groei in dissipelskap maak dit vir 'n mens moontlik om meer dikwels die diepere meer intieme waarhede van die Skrif met jou metgesel te deel.

So het die dissipels agtergekom dat die dinge wat Jesus met hulle gedeel het verskil het met dit wat Hy met die skares gedeel het. Kyk bv. na Mat 13:10-13.

Soos wat ons meer en meer getrou word aan God, gaan ons geestelike oë en ore ook oop om die openbaringe van God te verstaan.

In die lig moet ons dan ook Joh. 16:12 verstaan. En dan vers 13 wat dit verduidelik.

As die Gees van God in 'n mens kom woon, kom woon Hy in ons hart, ons gees en word ons letterlik geesgenote.

Spr. 18:24 vertel van vriende wat nader is as 'n broer. Dit is in God se hart vir ons in die gemeente. Dit is wat ons probeer ontwikkel en in groei in die selgemeente as ons so klem lê op die nuwe soort verhoudinge wat moontlik is met God en met medebroers en susters deur die werking van die Heilige Gees.

ONS IS BLOEDBROERS - DEEL 5

ONS IDENTITEIT

Van die begin af het die Here dit baie duidelik gemaak dat hierdie gemeente nooit daarop gaan aandring dat hulle nog 'n nuwe kerk tussen ander kerke wil wees nie. Want as jy nou mooi daarop gaan dink, hoeveel kerke is daar nou werklik? Die Skrif sê dat daar net een kerk is en dit is die Kerk van die Here Jesus. En die hoofkenmerk van die lede van hierdie Kerk is dit wat in Joh. 1:9-14,16-18 of Rom. 10:9 tot 13.

M.a.w. in God se oë behoort ons almal aan een Kerk, die Kerk van Jesus Christus. Daarom lyk dit vir my na 'n meer sinvolle onderskeiding om dan te sê dat daarbinne hierdie een Kerk van Jesus verskillende gemeentes is, in die sin van dele van dieselfde een Liggaam, wat 'n bepaalde karakter of bedieningstyl of identiteit het terwille van dit wat God deur hulle wil doen. Ter wille van bepaalde behoeftes wat daar in mense se harte leef wat die Gees van God so wil bedien.

Tog is 'n baie belangrike ander woord in die Skrif God se klem op die eenheid wat daar in die Liggaam moet wees. Ons lees dit tog baie duidelik in gedeeltes soos Joh. 17 byvoorbeeld. Die implikasie hiervan, sê die Gees vir my, is dat daar geen sin daarin kan wees dat daar verskillende gemeentes is as daar nie 'n baie geldige rede is waarom God hulle verskillend wil hê nie. As die feit dat ons twee is in plaas van net een gemeente berus op menslike argumente of eiesinnigheid, moet ons dit bely en ons daarvan bekeer.

Dit lyk dus vir my noodsaaklik dat 'n gemeente soos ons gedurig vir ons self moet rekenskap gee oor die feit waarom is ons nog 'n gemeente naas die ander.

Het ons 'n bepaalde identiteit wat ons anders maak as die ander wat God wil gebruik om mense se behoeftes te bedien en wat God wil gebruik as instrument om te doen wat Hy nou wil doen?

Dit is ook die vraag wat ons weer in hierdie dae as leierskap vir onself moes beantwoord in ons soeke na die plan van God vir ons nou. En hierdie identiteit het ons probeer uitspel in ons visie of prentjie van die gemeente.

En die manier hoe ons dit geformuleer het is soos volg: Jesus het gesê daar in Joh. 10:10b: Ek het gekom dat hulle lewe kan hê en dit in oorvloed.

HERE, HOE PAS EK IN BY U PLANNE?

Spr. 2:1-6

Spr. 3:1-18

Jou lewe is nie 'n soort eksperiment nie. God het 'n baie spesifieke bedoeling met jou lewe in Sy hart gehad toe Hy jou in detail uniek aanmekaargesit het.

Maar ons kan ons lewe net as sinvol belewe as ons presies weet wat Sy spesifieke bedoeling met ons lewe is. Hoe dit presies inpas by dit waarmee Hy besig is om ons.

Dit is so tragies om mense te sien wat lewe asof hulle geen doel op aarde het nie. Asof hulle op pad na nêrens is nie. Hulle is soos 'n skip sonder 'n roer wat ronddryf en beweeg, maar geen eindbestemming het nie.

As jy nêrens heen op pad is, kan enige pad jou daar bring. Sonder 'n belewenis waar jy inpas, watter verskil jy kan maak, sterf mense hierbinne! Dit maak mense moedeloos. Dit maak mense voel die lewe beteken niks nie.

Die wetenskap leer ons dat sulke mense gevaarlike mense is. Dit is die soort mense wat maklik geweld gebruik of hulle eie en ander se lewens kan neem.

G'n wonder Hos. 4:6 sê dat die volk van God te gronde kan gaan weens 'n gebrek aan kennis nie! En dan bedoel die Here daarmee 'n ken van Sy Woord, God se wil, en hoe jy inpas in Sy planne vir jou lewe.

Geseënd is hy wat lewe volgens God se Woord. God se Woord bring lewe. God se Woord gee rigting. perspektief en visie. God se Woord gee 'n spesifieke bestemming aan ons lewe. Daarom ontdek ek dit daar by die Here se voete.

Die bedoeling van my lewe lê in die hart van my Maker. En daarsonder vermors ek my lewe en my kosbare tyd op aarde, want ek weet nie mooi hoekom ek hier is nie.

Ef. 1:4 e.v. - Eintlik is dit die eerste woorde oor God in die Bybel. Dit teken vir ons God selfs voor Gen 1 se gebeure, want dit teken vir ons God voordat Hy enigiets geskape het. Dit teken vir ons wat in God se hart destyds was. Wat Sy bedoeling met alles was. Hier staan dat dit Sy bedoeling was dat alles heilig moes wees.

"Heilig" in die sin van anders soos God. iets van die heerlijkheid en die andersheid ... iets van die glans van God moet ook in ons lewe wees. Dit was God se plan daar in die begin toe Hy ons begin maak het.

Daarom word God nie beïndruk as ons heilig begin lewe nie. Hy is eintlik net te bly dat ons eintlik agtergekom het wat in Sy hart was van die begin af.

Eintlik moet Hy vir ons sê: "Waarom het dit jou so lank gevat om dit te ontdek!"

Verder staan hier dat Hy ons "uitverkies het in liefde". Die Engelse woord vir uitverkiesing "predestination" sê vir ons beter wat dit presies beteken. "Pre-" beteken "voor", en "destination" beteken "bestemming". M.a.w. God het reeds op jou bestemming/bedoeling besluit voordat jy begin het.

Dit is soos wanneer jy met die trein ry. Jy klim op die trein aan die begin van die reis met 'n kaartjie waarop jou eindbestemming reeds aangedui is. En so stuur jy jouself daarheen! Natuurlik kan jy êrens langs die pad afklim en so elders uitkom, maar dan is dit jou eie keuse. As jy die hele pad saamry en die roete noukeurig volg, kom jy by jou bestemming uit.

God het ook vir jou lewe 'n bepaalde bestemming/bedoeling in die oog. (En nou bedoel ek nie "hel toe" of hemel toe nie!) Ek bedoel daarmee dat jy êrens inpas in Sy planne, in Sy wil. Of anders gesê: in die koms van Sy Koninkryk op aarde.

Rom. 8:28 - En dit is in hierdie konteks waarteen ons hierdie wonderlike vers in die Bybel moet verstaan. God werk elke ding wat met my gebeur, goed of sleg, op 'n besondere manier in om Sy bedoeling of bestemming vir my lewe te bereik.

Glo jy dit werklik? Dat God al daardie geraamtes in jou verlede kan gebruik om jou uiteindelik by Sy bedoeling/bestemming vir jou lewe uit te bring! Ook daardie gebroke huwelik van jou, of daardie frustrerende swakheid in jou lewe. Hy gebruik elkeen daarvan as boublokke om te bou aan jou getuieis hoe God uiteindelik by die bedoeling met jou lewe uitgekome het.

Heb. 12:1-3 - Omdat Jesus God se bestemming (waar Hy vol vreugde in die hemele sit op die troon omdat daar nou verlossing en genade moontlik is vir die mensdom) heelyd voor oë gehou het, kon Hy die pad van pyn en lyding en 'n kruis loop. Want anderkant die kruis en die graf het 'n oop graf gewag, en 'n hemelvaart en 'n gaan sit in 'n nuwe outoriteitsposisie aan die regterkant van die Vader.

God is 'n God met 'n visie ook vir jou lewe in Sy hart. Die Hebreeuse woord vir visie is die woord "hason", wat beteken om te sien. Die Griekse weergawe daarvan is "optano" wat vertaal kan word as "om in sig te kom" of "om tot insig te kom". Dit dui dus aan om iets eers van 'n afstand te sien, maar soos wat jy nader kom, kom dit meer in sig, word dit duideliker. M.a.w. visie is dus eintlik om 'n prentjie te kry van jou eindbestemming.

En dit is wat elkeen van ons daar aan God se voete vir ons eie lewe en vir die gemeente moet gaan soek. Ons moet dit dan gaan neerskryf en gereeld vergelyk met die realiteit om te sien of ons op pad na ons eindbestemming is.

Visie is dus 'n kykie in wat eintlik God se bedoeling met jou lewe is binne die raamwerk van Sy totale bedoeling met dinge.

Dit is werk soos daardie reuse advertensieborde by 'n nuwe bouverseel. Op daardie advertensieborde is daar baie keer 'n argitekskets van hoe die nuwe gebou gaan lyk wat hier gebou word. M.a.w. hoe die eindproduk gaan lyk. Hier gaan 'n tien verdiepinggebou verrys, sê die skets vir ons voordat enige steen nog gebou is. En dan begin hulle eers bou met die eindproduk/ eindbestemming elke dag in die oog. Maar die eindproduk sal net lyk soos die argitek se skets as die bouers presies die detailplanne van die argitek elke dag gaan volg. Anders gaan die gebou nooit beantwoord aan die oorspronklike bedoeling daarmee van die argitek nie.

En dit is net so waar in jou in my lewe. Soos ek reeds gesê het: Ons kan dalk dink ons weet beter as die oorspronklike Argitek, en ons eie kop volg en lewe vir dit wat ons dink die bedoeling was. Maar dan ook uiteindelik by 'n ander bestemming uitkom as wat oorspronklik bedoel is. Maar Goddank, die Here bied ons gereeld langs die pad geleenthede om weer opnuut krities te kyk waarheen ons op pad is met ons lewe en bied daarmee saam vir ons geleentheid om letterlik van nuuts af te begin, Maar hierdie keer met God se oorspronklike bedoeling vir ons lewe in die oog.

Joël 2:28 - God soek nie net mense wat elke dag om hulle rondkyk en in die lig van die realiteite optree en lewe nie. Hy soek mense wat weet hoe lyk die plan/bedoeling van die Argitek.

Hoe lyk die eindbestemming. En dit is wat Joël hier vir ons teken. Hy teken God se plan om Sy mense te doop met Sy Gees. En Hy doen dit met 'n baie spesifieke bedoeling. Luister hoe sê Joël dit daar in vers 28 en 29 ...

- God salf Sy mense met Sy Gees omdat Hy wil hê dat die oumense moet drome droom. 'n Droom is hoe dinge moet wees; hoe dinge behoort te wees. En dit wil God vir die oumense gee. Hulle wat soveel reeds beleef en ervaar het, en al die foute van die verlede so goed ken. Vir hulle wil Hy laat

droom hoe dinge eintlik behoort te werk om aan God se bestemming te beantwoord. Hulle het nie meer die krag om self iets daaraan te doen nie...

Maar dit is waar die jongmense gaan inpas in die prentjie.

- die jongmense visioene sal sien.

Die verskil tussen 'n droom en 'n visioen is dat jy die een kry in jou slaap en die ander terwyl jy wakker is. Verder is 'n visioen baie meer detail as 'n droom en baie nader aan die werklikheid. God wil dus jongmense doop met Sy Gees sodat hulle visioene kan hê. Dit is hulle wat moet luister na die drome van die oumense en dan onder die salwing van die Gees moet sê: Maar kom nou sien ek 'n prentjie hoe ons hierdie ding waaroor jy gedroom het kan maak gebeur!

- en julle seuns en dogters sal profeteer.

Nou hoe sal dit gebeur? Die jongmanne sal dit aan hulle vroue vertel en aan hulle kinders. En so sal hulle letterlik deur die werking van die Gees 'n prentjie daarvan met hulle geestelike oë begin sien en dan begin profeteer daaroor.

Begin om die jongmanne onder die salwing van die Gees te bemoedig en te versterk totdat daardie drome van die oumense wat die jongmanne in werkbare visies verander het 'n realiteit is.

Dit is mos wat profesie doen. Dit is daardie nuwe ding, daardie nuwe lewe of nuwe gebeure of seisoen wat in God se hart is, wat deur die werking van die Gees in jou hart geplant word sodat jy dit kan sien met jou geestelike oë en kan uitspreek in woorde.

En die manier hoe jy dit doen is deur diegene te bemoedig en te versterk en te troos wat direk daarby betrokke is solank ons nog teen 'n ander werklikheid vaskyk en ontmoedig word. Die een wat profeteer vertel vir die ander wat jy gesien en gehoor het wat God se bedoeling met hulle lewe op hierdie tydstip is totdat dit 'n realiteit in hulle lewe is.

Die doping of salwing met die Heilige Gees behoort ons visie te gee van die eindbestemming of bedoeling van God nou met ons lewe; van waarmee God nou besig is in ons lewe en hoe ons inpas in Sy prentjie.

Daarom is daar altyd 'n plek vir oumense en jongmense en kinders in 'n gemeente. Ons het mekaar nodig. Die oumense moet hulle drome vir die jongmense gee om daarvan 'n werkbare prentjie te vorm, 'n visie te skep wat oorgesit kan word in realiteit. En die kinders moet onder die salwing van die Gees hulle aanmoedig en sê "Gaan daarvoor. Maak klaar waarmee julle begin het. Moenie moedeloos word nie.

Die bedoeling van die Heilige Gees is om Trooster en Bemoediger te wees. En dit is niks anders as om vir die mens 'n visie te gee waaroor die lewe, en sy of haar lewe eintlik gaan nie. Dit is wat oorvloedig lewe werklik beteken. Om te weet waarvoor lewe jy. Om te weet waarom moet jy elke dag opstaan en aangaan.

Pred. 3:1 e.v. - God werk in Sy seisoene. Daarom pas Sy planne êrens in 'n spesifieke tyd in. Dit is moontlik dat ek en jy dus God se bedoeling kan mis. Dat ons of te vinnig reageer of te stadig. Prematuur of te laat van die trein probeer afklim of opklim.

Daarom moet ek en jy seker maak watter seisoen dit is in God se planne. God bepaal die seisoen en ek en jy moet daarby inval. As ons nie verander as dit verander nie, kan daardie seisoen ons doodmaak. Pas aan by God se seisoen.

Seisoene respekteer nie mense nie. Mense moet seisoene respekteer. En dit kos altyd een of ander opoffering. Maar dit is altyd die moeite werd, want seisoene wat gerespekteer word, kan vir jou werk. Alles in die natuur werk saam met die seisoene: blare, voëls, hoogdrukstelsel, ens. Gebruik die seisoen om daardie dinge vir jou te laat gebeur wat moet gebeur. En moenie jou bekommer oor die waarmee nie. God sal daarvoor sorg. Gebruik jy maar net alles in jou vermoë en stel dit tot God se beskikking en kyk uit vir die heerlike oes mettert tyd.

En moenie ooit jou visie vir 'n droom verruil nie. Drome is vir mense wat slaap. Verander dit in 'n werkbare visie. Word wakker. Preokkupasie met die verlede is onverantwoordelik.

Maar moet ook nie drome sommer net afmaak nie. Tel dit op en maak werk daarvan. Daarom moet oumense dinamiese jongmense aanneem wat hulle drome kan vat en realiteite daarvan kan maak.

Hou dus op om bloot jaloers op hulle te wees. As jy God se bedoeling met jou lewe verstaan, kan niemand jou intimideer nie. Visie/wysheid beskerm 'n mens.

Daarom daag ek jou vandag uit om weer te gaan seker maak wat God se bestemming vir jou lewe is.

Dank God vir Sy Heilige Gees. Vra dan van Hom rigting. En moenie moedeloos maak as jy êrens langs die pad foute maak nie.

Om te misluk is nie die grootste tragedie nie. Die grootste tragedie is om nie te probeer nie.

ONS IS BLOEDBROERS - DEEL 6

JESUS – VERVULLING VAN AL DIE JOODSE FEESTE

“A Picture is worth a thousand words” sê die Engelse spreekwoord.

M.a.w. ons kommunikeer beter deur dit wat ons kan sien as met woorde alleen. Bv., jy leer 'n kind die alfabet nie deur 'n lesing oor hoe die taal inmekaar steek nie, maar deur bv. vir hom of haar met behulp van letter-prentjies te leer dat taal aanmekaar gesit is deur letters van die alfabet. En as die kind die letters van die alfabet ken, is die letter-prentjies nie meer nodig nie. Hulle was net tydelik nodig.

Blaai 'n mens deur die Bybel sien jy dat God presies hierdie selfde tegniek met sy mense gebruik het om vir hulle sekere waarhede te leer wat Hy wou hê hulle moes verstaan. Hy het verskillende prentjies of “letter-prentjies” gebruik om vir hulle die ABC van mens van God-wees te leer.

God het geweet dat a.g.v. ons sondige natuur is dit vir ons moeilik om geestelike waarhede te begryp. Ons verstaan baie beter as ons kan sien en ervaar as wat ons met ons geestelike sintuie kan snap.

Daarom het God, toe Hy Sy volk wou leer wat dit beteken dat Hy hulle God is en hulle Sy volk is, het Hy dit deur prentjies gedoen wat hulle kon sien en ervaar. Daarom lees ons in die OT hoe God aan hulle verskillende wette en rituele gegee het wat hulle moes nakom, sodat hulle d m v hulle fisiese sintuie die geestelike waarhede oor hulle verhouding met God kon leer.

En vir meer as 1500 jaar het die Joodse volk so van God geleer, Hierdie wette en rituele gebruikte het hulle geleer wat in God se hart is en hoe om te lewe as Sy volk.

Maar hulle moes net soos die kind leer dat net soos die letter-prentjies van die ABC vir die kind, hierdie prentjies nie die alfa en omega is nie. Die tyd het gekom wat die Jode die letter-blokkies moes wegsit en kon inbeweeg in 'n nuwe soepel geestelike verhouding met God waarvoor 'n mens nie letter-prentjies nodig het nie. En hierdie oorgang van die fisiese na die geestelike dimensie het gekom deur die Persoon en die Werk van Jesus Christus, die Messias en Verlosser van die wêreld.

Dit is tog wat Jesus bedoel het met dit wat Hy daar in Mat 5:17 gesê het.

Jesus was dit inderwaarheid die nuwe taal wat God ons eintlik wou leer deur die letter-blokkies van die OT. Alles het ons eintlik na Hom gewys. Toe ons Hom leer ken, het alles skielik inmekaar gepas en het ons werklik God se hart en ons verhouding met God verstaan.

Daarom kon Jesus daar in Joh. 14:9 sê: Wie My gesien het. Het die Vader gesien.

Nou dat Hy gekom het, hoef ons dus nie meer deur allerlei rituele God se hart te soek nie. Ons kan nou in Jesus direk met God praat. Die rituele en al die wette was net tydelik visuele hulpmiddels tot ons Jesus persoonlik kon ontmoet.

Paulus verwys hierna as hy daar in Gal. 3:24 en 25 skryf dat die rituele en wette maar net vingers was wat gewys het na Jesus en 'n nuwe geloofsverhouding met Hom. Nou het ons nie meer dit nodig nie.

Dit is ook wat Jesus self bedoel het toe Hy daar in Joh. 16:6 gesê het: Ek is die weg, die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Dit beteken natuurlik nie dat die Ou Testamentiese visuele hulpmiddels nie meer vir ons enige betekenis het nie. Hulle is nog steeds baie kosbaar en waardevol om ons te help om werklik te verstaan wie Jesus is en wat werklik die volle omvang is van ons nuwe verhouding met God Drie-enig as Vader, Seun en Heilige Gees. Met hulle hulp kan ons die NT en die plan van God soveel beter verstaan.

Een van die wonderlike hulpmiddels wat God aan Sy Ou Testamentiese volk gegee het was die Joodse godsdienstige feeste. God sê nie verniet daar in Lev. 23:2 en 4 dat hierdie feeste Sy feeste is nie.

As ek die woord "fees" gebruik dink almal van ons onmiddellik aan lekker eet. En dit was nie die kern van die bedoeling van hierdie feeste nie, Dit was eerder baie spesiale eredienste waar God en Sy volk mekaar op 'n besonder wyse ontmoet het. Dit was in 'n sin dus baie soos ons eredienste op 'n Sondag as Christene.

God het sewe sulke feeste vasgestel en dit so geprogrammeer in die Joodse kalender dat dit vir die Jode moontlik was om net drie keer per jaar na Jerusalem te kom vir al sewe feeste.

Hierdie drie feesprogramme was bekend as Paasfees, Pinksterfees en die Fees van die tabernakels of Loofhuttefees. En elkeen van hulle het een van die drie dinge verteenwoordig wat God in Sy mense se lewens wou bring, naamlik Sy goddelike vrede, krag en rus (vgl. Eks. 23:14-17 en Deut. 16:16).

Die Paasfees was dus die eerste van hierdie Joodse feestye en dit wou die volk van God leer hoe om God se vrede te vind. Hierdie feestydperk het die Paasfees, die fees van die ongesuurde brood en die feeste van die Eerste vrugte ingesluit.

Die volgende feestyd was die Pinksterfees wat uit een fees bestaan het wat die volk wou leer hoe om God se krag te ontvang.

Die derde feesprogram is die Loofhuttefees genoem en het die feeste van die trompette, en die groot versoendag en die Loofhuttefees ingesluit. En hierdie feestydperk wou die volk van God leer hoe om God se rus in te gaan.

As 'n mens dan na elkeen van hierdie feestye kyk, sien jy hoe elkeen van hierdie sewe feeste op 'n baie unieke manier iets oor Jesus en ons nuwe verhouding as mense van God met Hom vir ons teken, maar ook hoe ons elke dag kan wandel in die vrede, krag en rus van God.

En hoe belangrik is dit nie vir almal van ons in hierdie soort wêreld waarin ons lewe nie. Oral wêreldwyd, en in die besonder in ons eie land soek mense na werklike vrede.

Maar God sê daar in Jes. 48:2: Daar is geen vrede vir die goddelose mens nie. So leer die Paasfees ons dat 'n mens alleen vrede kan hê as jy die ware God ontmoet het in Christus Jesus. Elke mens wat Jesus Christus as Verlosser en Here ontmoet het kan vrede hê met God in hulle lewe. Maar, ten spyte daarvan weet ons dat daar baie gelowiges is wat nie werklik eerlik kan getuig dat hulle hierdie soort vrede elke dag het nie. Soveel Christene worstel nog met vrese, bekommernisse en angstigheid. Daarom moet die Paasfees diene van ons ook leer dat ons nie net vrede met God het nie, maar ook die vrede van God in ons lewe het.

Maar ons het nie net God se vrede nodig nie, ons het ook Sy krag nodig. Die Bybel leer ons dat ons voor ons bekering slawe is van ons selfvernietigende gewoontes. Dit maak dus nie saak hoeveel

nuwejaarsvoornemens jy maak nie, sonde en die ou natuur in jou maak dat jy dit aanmekeer verbreek. Net God en die nuwe natuur van Sy Gees in jou kan jou werklik vry maak.

Die probleem is dat nie alle Christene werklik wandel in hierdie nuwe krag nie. Baie van ons worstel nog so met allerlei sondes in ons lewe, of val vir al die truiks van die bose of worstel met 'n vrees vir die dood. En daarom kan 'n stilsit en nadink oor Jesus in die Pinksterfees ons leer hoe om hierdie krag van God net weer vas te gryp en daaruit te lewe.

Maar ons het nie net behoefte aan God se vrede en krag nie, ook wil ook inbeweeg in God se rus. Die lewe is nie altyd maanskyn en rose nie, en midde al die terugslae, en teleurstellings en beproewings word ons moeg gesukkel om God te dien en elke dag so te stry en baklei. En dan leer die Loofhuttefees ons hoe om in te beweeg in God se rus in.

Kom ek sluit af met 'n kort uiteensetting van die Joodse feeste en wat dit vir ons as Christene beteken:

HISTORIESE FEES	JESUS-VERVULLING	VIR GELOWIGE
Paasfees		
Paasfees	Kruisiging	Nuwe (weder-) geboorte
Fees van ongesuurde brode	Begrawe	Aflê van ou lewe
Eerste vrugte	Opstanding	Beklee met nuwe lewe
Pinksterfees		
	Verhoging	Doop met die H. Gees
Loofhuttefees		
Fees van trompette	Verslaan die vyand	Trek wapenrusting aan
Versoendag	Reiniging van die Bruid	Doop in vuur
Loofhuttefees	Kom as Bruidegom	God se rus

ONS IS BLOEDBROERS - DEEL 7

NIKS KAN ONS GOD KEER NIE!

Lees: Jos 10:1-14

Dit is vir my wonderlik om te lees hoe die Here in baie ander predikante se lewens 'n baie soortgelyke pad geloop het as met my. So lees ek die week weer die verhaal van John Wimber, van die bekende Vineyard gemeente, wat al die bekende "Praise and Worship" CD's so maak.

Net soos ek, was hy totaal afsydig teenoor die Gees se werkinge deur gawes -soos genesing en profesie. Totdat die Here hom op 'n dag in sy motor 'n visioen gee van 'n heuningkoek wat uit die hemel heuning oral op die mense drup. En elkeen van hierdie mense het anders hieroor gereageer. Party het in eerbied gekniel en God gedank. Ander het weer gehuil en hulle hande uitgesteek om die heuning te vang en daaraan gesmul. Ander was weer geïrriteerd oor die heuning wat hulle so bemors en het daarvoor gekla.

Toe John vra wat dit beteken, herinner die Here hom aan 'n gedeelte soos Ef. 2:4 tot 8. En God het gesê: John, dit is My genade wat jy daar sien. Vir baie mense is dit 'n seën en lei dit tot blydschap en nuwe lewe. Dit is werklik vir almal. Moenie my weer so smee vir My oorfloedige genade, en genesing nie. Die probleem lê nie aan My kant nie. Die probleem lê daar onder by julle.

En die Here het hom weer herinner aan daardie gedeelte in Mark. 9:14-32, en dan veral vers 22 tot 24. Die sleutel tot God se genadige ingrype was geloof in God wat kan. God geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie by ons soek, die kleinste van alle saadjies. Sodat Hy Sy heuningsoet genade in oorfloed op ons almal kan laat neerreën.

Niks kan ons God keer nie!

- Geen berg nie
- Geen storm nie
- Geen uitdaging of probleem nie
- Geen weermag of sameswering of kombinasie magte op D-dag nie

Daarom het Josua opgetrek

- selfs deur die nou en feitlik ondeurganklike pas op pad na Bet-Goron toe
- en moes hy bid dat God die son en maan moes maak stilstaan
- En God het gewerk en die oorwinning gegee.

Dit waarmee ons besig is in hierdie gemeente, glo ek, is van God. Dit wat hier tussen ons aan die gang is, is God wat besig is om te werk. Dit is God wat deur Sy Gees besig is om ons hongerder te maak vir die dinge van die Gees. Dit is God wat mense bereid maak om die sekuriteite en vastighede van hulle tradisies en lewe in die verlede te los en 'n nuwe, onseker pad saam met Hom te stap. Wat maak dat mense sê: Kom ons gaan sit weer voor God en laat Hy deur Sy Gees ons leer wat dit werklik beteken om Christen, en gemeente van Christus te wees. Ons sien dit hier tussen ons. En ons sien dit oral oor die wêreld.

Ek glo dat dit wat tans hier tussen ons en landswyd tussen gelowiges met 'n Gereformeerde agtergrond en belydenis gebeur, is van God. Ek glo dit is die aanloop tot 'n herlewing soos in Andrew Murray se tyd. Maar hierdie keer gaan dit 'n herlewing wees wat hierdie hele land en hele kontinent van Afrika, en selfs hele wêreld gaan raak.

Ek glo dat die keuse om as gemeente te kies om 'n selgemeente te wees van God af is. Dit is om vir mense te sê: Hier tussen ons maak Christus die verskil aan ons lewe. Maar hier tussen ons het jy ook 'n nuwe familie. Wat vir jou wil lief wees en verantwoordelikheid vir jou wil neem. Die Gees van God wil jou leer hoe om jou nuwe lewe in Christus te geniet maar Hy wil ook ons gebruik om jou die beste bedienaar van God se genade aan ander te maak wat jy kan wees. Deur die inwoning en salwing van die Gees kan almal van ons in Christus lewende water aan dorstige mense bedien.

As ons bloot sosiologies-wetenskaplik daarna sou kyk, is selgroepe niks anders as bestuur en bediening deur kleingroepe nie. Maar ek glo dat dit van God af is. Dit is nie net sommer nog 'n nuwe "truuk" nie. Die hele terugbeweeg in die Christelike wêreld terug na huisgroepe waar drie en vier gesinne saamkom, totaal verantwoordelikheid neem vir mekaar se totale menswees en geestelike groei - soos daar in die begin van die Christendom in Handeling - is nie net 'n modegier nie. Dit is van God deur die werking van Sy Gees.

Ek is feitlik 18 jaar in die bediening, en dit wat ek hierdie bykans 4 jaar in my eie lewe ervaar, en hier tussen julle gesien gebeur het: hoe God mense verander het hier in die erediens en daar in die selle en in die bybelstudiegroepe, het my en ander se lewens en prentjies van wat gemeente-wees beteken, totaal verander. Ons het werklik beleef dat as die Gees van God geleentheid gebied word om die Liggaam te bedien soos Hy dit wil, en ons aan Hom ruimte gee om met Sy volle spektrum gawes onder ons te werk, gebeur daar wonderwerke. Dan word mense in die geheel van hulle menswees heel, na gees, siel en liggaam.

Maar baie keer beleef ons nog nie hierdie volle aanraking en oorwinning in ons lewe, en in die gemeente nie. Baie keer is daar dinge en gebeure wat ons laat voel: Maar is dit alles die moeite werd?

As ons die kombinasie-aanslag van die borse se magte op ons lewe ervaar, is dit nodig om Josua se strategie te volg hier in Jos. 10:1-14. En die hart van hierdie strategie is soos volg:

Jy begin beleef dat God die oorwinning gee as jy ...

GLO DAT NIKS GOD KAN KEER NIE!

God maak soveel wonderlike beloftes aan ons op die pad wat Hy met ons saam stap. Ek lees weer die week daardie wonderlike verse daar in Eks. 13:21 en 22 van die wolk wat die volk van God elke dag vergesel het op hulle reis uit Egipte deur die woestyn op pad na Kanaän toe. Of soos Wynand so raak gesê het: Op pad van 'n land van nooit genoeg, deur die woestyn van net genoeg na Kanaän as die land van meer as genoeg. Dag en nag wou God hulle help glo dat Hy daar by hulle is. In die dag het Hy hulle gelei deur hierdie wolk wat voor hulle uitbeweeg het en vir hulle die pad aangedui het. En snags, as dit donker was, het hierdie wolk 'n wolk van vuur geword wat vir hulle lig gemaak in daardie woestyn waar dit so donker kan word.

Ons het nie meer net 'n wolk wat vir ons die pad wys en lig maak as dit donker is in ons lewe nie. Ons het God self wat as die Gees in ons woon en elke oomblik van die dag by en in ons is om dit te doen. En van die wonderlikste maniere hoe Hy dit doen, is deur die tiental en honderdtal Woordbeloftes wat Hy al deur die jare in jou hart gaan skrywe het wat in God se hart vir jou is.

Ook aan ons as gemeente het die Here hierdie afgelope sowat vier jaar, die wonderlikste beloftes gegee. Dit het weer tyd geword dat ons daardie beloftes moet gaan vasgryp met die geloof van Heb.

11. Maak dit jou eie. Staan elke dag daarop omdat jy glo dat niks God kan stuit om Sy planne en beloftes aan jou na te kom nie. Niks kan Hom keer om dit wat in Sy hart vir nou is, te laat gebeur nie.

AS JY GOD BEGIN GEHOORSAAM, KAN NIKS HOM STUIT NIE!

'n Heilige lewe en gehoorsaamheid is die resultaat van die Gees se werking in ons lewe as ons in geloof God se Woord begin vasgryp en op grond daarvan begin handel in geloof. Omdat God dit gesê het, glo ons dit en begin ons handel in geloof. Omdat God gesê het 'n ding moet so gedoen word, of nou gedoen word, doen ons dit al is ons alleen en al beteken dit vervolging of dat ons 'n menigte moet aandurf.

Ons glo, as ons doen wat God sê, kan God, wat alle teenstand uit Sy pad kan vee, begin werk. Daarom was Josua bereid om met sy magte die hele nag deur, na waar die vyand was, te marsjeer, en hulle te verras op grond van God se woord. En die resultaat vir hulle gehoorsaamheid was dat hulle iets van God se heerlijkheid met hulle eie oë gesien het.

Een van die treë na herlewing, glo ek, is dat ons moet doen wat God sê ons moet doen. Dit is soos Jesus daar in Joh. 7:37 tot 39 gesê het: As ons na Hom toe kom in geloof en in gehoorsaamheid, gaan daar strome van lewende water -wat tog net 'n beeld is van Goddelike lewe en herlewing is - ervaar wat uit ons binneste begin vloei na mense toe.

AS ONS BEGIN BID, KAN NIKS GOD KEER NIE!

In vers 12 lees ons hoe Josua midde die stryd gebed het dat die son en maan moet stilstaan sodat daar genoeg lig kan wees om klaar te maak waarmee hulle begin het. En dan lees ons in vers 13 hoe dit presies so gebeur. Teen alle wette van die natuur in.

'n Mens wil sê: Maar dit is geen gebed hierdie nie. Dit is eerder 'n opdrag. En tog is dit gebed hierdie, maar dan geloof-gebed. Dit is die soort gebed waarvan God van harte antwoord en handel.

Dit is daardie soort gebed waarvan Mark. 5:28 praat as daardie vrou wat 12 jaar aan bloedvloeiing gely het, haar hand uitsteek en net aan Jesus se kleed raak, omdat sy geglo het dat dit genesing sal bring.

Dit is daardie soort geloof wat vra en kry, soek en vind, en klop en voor oopgemaak word waarvan Luk. 11:9 tot 13 praat.

Dit is daardie soort mostertsaad-grootte geloof waarvan Mat. 17:20 praat wat vir 'n berg sê: Gaan staan daar anderkant! en hy sal gaan. Niks sal vir julle onmoontlik wees nie. Want sulke geloof maak dat niks God stuit in Sy werking nie.

Wie so begin handel op grond van God se Woord, sal ontdek God word nie gestuit nie!